

D I E H O L L A N D E R K O R P S T Y D E N S
D I E T W E E D E V R Y H E I D S O O R L O G.

deur

J O H A N N E S V A N D A L S E N.

Voorgelê as gedeeltelike nakoming van die vereistes vir
die graad van Magister
in die
Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria.

Pretoria, 1942.

Die skrywer betuig hiermee sy dank aan sy leermeester, Prof. Dr. I.D. Bosman, asook aan die hoof en staf van die Pretoriase Argief. Ook wil hy alle ander persone wat behulpsaam was bedank en veral mnrr.
J. Ploeger.

VOORWOORD.

Die studie kan beskou word as die resultaat van 'n ondersoek wat deur die skrywer onderneem is met die doel om die ontstaan, groei, werksaamhede en ontbinding van die Hollander Korps voor en tydens die Tweede Vryheidsoorlog te boek te stel, teneinde 'n algemene oorsig, gebaseer op betroubare gegewens te verkry.

Terwyl die boustowwe in Suid-Afrika noukeurig geraadpleeg kon word, was dit as gevolg van die tydsomstandighede onmoontlik om die bronne wat in Nederland aanwesig is te raadpleeg. Daar was egter reeds 'n begin gemaak om kontakpunte in Nederland te verkry.

Die skrywer spreek die hoop uit dat die leser bostaande opmerking in ag sal neem en dat - in rustiger tye as vandag - 'n navorsing die Nederlandse bronne aan 'n nougesette ondersoek sal onderwerp, sodat hierdie studie dan, op grond van al die beskikbare gegewens voltooi en afgerond word.

INHOUD.

VOORWOORD	i
INHOUDSOPGawe	ii
HOOFSTUK I.	

Die Hollanders in die "Zuid-Afrikaansche Republiek".

Belangstelling van Nederland in die Z.A.R. voor 1880 - Die Tweede Boeredeputasié - Emigrasie na die Z.A.R. - Nederlanders in die ekonomiese ontwikkeling van die Z.A.R. - Die N.Z.A.S.M. - Nederlandse onderwysers en amptenare - Teenwerking deur lede van die Kaapse Kerk t.o.v. die Nederlanders - Aansien van die Nederlanders in die Z.A.R. - Die voor-aand van die oorlog Bls. 1 - 7

HOOFSTUK II.

Die Ontstaan en Organis.sie van die Hollander Korps.

Gevoel om die Z.A.R. hulp en bystand te verleen - Leiding van dr. H. Coster en C.G. de Jonge - Kort lewensbeskrywings van dr. Coster en De Jonge - 'n Kommissie gekies - Die verteenwoordigende vergadering van 7 September 1899 - Die algemene vergadering van 14 September 1899 - Toestemming van die regering en onderhoud met die Uitvoerende Raad - Vergadering van persone wat aangesluit het - J. Lombard gekies as Kommandant - Sy lewe - Voorbereiding van die Hollander Korps voor die vertrek na die Natalse grens . . Bls.8 - 20

HOOFSTUK III.

Afdeling Velddiens : Die vertrek uit Pretoria en die tog na Natal.

Die vertrek uit Pretoria - Aankoms by die hooflaer op Zandspruit - Opdrag om Natal binne te ruk - Charlestown en Newcastle beset - Krygsraad by Newcastle - Krygsplanne - Kamp by Biggarsberg - Patrollies uitgestuur - Voerie opdrag uit nie - Buitmaak van provisietrein - Aankoms van hele Boermag by Elandslaagte - Handelings teen die plan van Generaal Joubert Bls.21-27

HOOFSTUK IV.

Die Slag van Elandslaagte.

20 Oktober 1899: Geen Engelse troepe nie - 21 Oktober 1899: Engelse na Elands-laagte - Kom ongemerk daar aan - Geveg begin - Posisies deur Generaal Kock se manne ingeneem - Verkenning van vyandelike stellings - Geveg hervat - Getalsterkte van strydmagte - Per ongeluk op Duitse Korps geskiet - Johannesburgers vlug - Boere en Hollanders omsingel - Almal vlug - Verliese aan Boerekant Bls.28-34

HOOFSTUK V.

Die Velddiens van die Hollander Korps na Elandslaagte.

Regering teen reorganisasie - Lede sluit by Boerekommandos aan - Pogings om die velddiens van Hollander Korps te laat herlewe - Misluk almal - Die Vreemdelinge-Legioen - Nederlanders sluit aan - Einde daarvan by Boshof - Orige lede sluit aan by Kolonel Maximof - Poging om 'n "Internasionale Korps" op te rig - Organiseer van nuwe Hollander Korps vir velddiens - Toestemming van die regering bly uit - Nederlanders op kommando na die val Pretoria Bls. 35-42.

HOOFSTUK VI.

Die Garnisoensdiens.

Organisasie van die garnisoensdiens - Die kantoor van die garnisoensdiens - die diens voor 6 Oktober 1899 - Uitbreidings van die diens - Die verskillende seksies - Inspeksiereise - Opgkommandering van lede vir veld-diens - Personeel van die N.Z.A.S.M. by die garnisoensdiens - Spesiale berede polisiediens - Die einde van die garnisoensdiens ..Bls.43-53

BYLAAG I.

Beweerde dronkenskap van die Hollanders by
die Slag van Elandslaagte Bls.56-60

BYLAAG II.

GERAADPLEEGDE BRONNE Bls.64-67

HOOFSTUK I.

Die Hollanders in die "Zuid-Afrikaansche Republiek."

Die belangstelling van Nederland in Transvaal en die moontlikheid van immigrasie het eers groot geword na die Eerste Vryheidsoorlog, toe die dade en gevegte van die oorlog in Nederland met grootse woorde meer bekend gemaak is.¹⁾

Voor die tyd is die lotgevalle van die Boere in Transvaal wel met enige belangstelling gevolg, maar lank nie soos na 1880 nie.²⁾

Daar was in Transvaal al tal van Nederlandse amptenare, dokters, advokate, onderwysers en boere wat hulle gou aangepas het in die Transvaalse samelewing.³⁾ Die Hollanders wat President Burgers ra Transvaal laat kom het, het die President en sy denkbeelde gevolg en dit nie so-⁴⁾ seer vir die Transvaal gedoen nie.

Maar nou het die Tweede Boeredeputasie self na Nederland gekom in 1884, en het steun kom soek vir die ontwikkeling van die "Zuid-Afrikaansche Republiek." Die deputasie het nie in al hulle pogings direk geslaag nie, maar die gevolge van hulle besoek was tog veelbeduidend. Verskeie verenigings en organisasies was toe al gestig vir die behartiging van Boerebelange en ook 'n vereniging vir die bevordering van immigrasie en in handelskringe

-
1. Dr. P.J. van Winter: "De Nederlanders in de Zuid-Afrikaansche Republiek" in 'Nederlandsche Historiebladen', Utrecht 1938 bls. 60.
 2. Dr. P.R. Botha: "Die Staatkundige Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Kruger en Leyds", Amsterdam 1926 .. bls. 132.
 2. P.J. van Winter: "De Ned. in de Zuid-Afrik.Republiek" bls.59.
P.J. van Winter: "Onder Krugers Hollanders," Amsterdam 1937 Deel I bls. 19.
 3. Dr. A. Wypkema: "De Invloed van Nederland op de Staatsinstellingen der Z.A. Republiek tot 1881" Pretoria 1939. bls. 276.
 4. P.J. van Winter: "De Ned. in de Z.A. Republiek" bls. 59.

5)
is belangstelling gewek.

Nou het baie Hollanders na Suid-Afrika emigreer:
handelaars wat vooruitstrewende besighede opgerig het,
landbouers wat deur 'n emigrasieskema na Transvaal gekom
het, onderwysers en ook tal van amptenare onder wie
dr. Willem Johannes Leyds, eers staatsprokureur en daarna
staatssekretaris, was.
6)

Byna alle faktore was in hierdie tyd ten gunste
van Nederlandse emigrasie na die "Zuid-Afrikaansche Republiek":

Die Hollanders en die Boere was albei van dieselfde
stam afkomstig; hulle het dieselfde Calvinistiese geloof
aangehang; hulle het dieselfde taal gesprek en het hulle
dus gevolglike nader aan mekaar gevoel as enige ander
7)
volk.

President Kruger was steeds ten gunste van Neder-
landse inkomelinge, en veral van amptenare vir regerings-
diens omdat hy gevoel het dat die groot industriële ont-
wikkeling van die "Zuid-Afrikaansche Republiek", deur die
toevloed van die Uitlanders, nie saamgegaan het met die
ou bevolking nie. Hy het gemeen dat die Hollanders met
hulle tegniese en staatkundige opvoeding en hulle stamver-
wantskap aan die Boere-bevolking die twee uiterstes in die
8)
Republiek in eenheid met mekaar kon bring.

-
5. P.J. van Winter: "Onder Krugers Hollanders" deel I bls. 51-64.
P.R. Botha. bls. 133-137.
 6. P.J. van Winter: "De Ned. in de Z.A. Republiek". bls. 60.
 7. Ibid. bls. 66.
 8. Dr. S.P. Engelbrecht: "Thomas François Burgers" Pretoria 1933 bls. 406
P.J. van Winter: "De Ned. in de Z.A. Republiek" bls. 65.
P.J. van Winter: "Onder Krugers Hollanders" deel II bls. 10

In Nederland self was daar oorbevolking, gebrek aan kapitaal vir uitbreiding en veral die plattelandse bewoners in Nederland het 'n uitweg gesoek. Vir 'n lang tyd reeds was daar emigrasie van Nederlanders na Suid-Amerika en Wes-Indië, en waar was daar nou vir die Hollanders 'n beter land om heen te gaan as Transvaal?⁹⁾

Maar Nederlanders het nooit op 'n werklike groot skaal na Transvaal gekom nie, veral deurdat die eerste emigrasieskema van landbouers, waarmee in 1883 'n begin gemaak is, op 'n materieëlle mislukking in Transvaal uit-¹⁰⁾geeloop het.

Op ekonomiese gebied het die Nederlandse ontwikkeling in Transvaal gebly by die bekende "Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij" en die "Nederlandsche Bank- en Credietvereniging."¹¹⁾ Die redes hiervoor was dat Nederland in die tyd nie baie kapitaalkragtig was nie; dat die Boere bo alles wel politieke vryheid wou hê maar hulle het die nie in betrekking gebring met ekonomiese vryheid nie. Die ekonomiese verkeer het op die ou wyse bly voortbestaan nl. handelsbetrekings¹²⁾ met Engelse sakemanne en handelshuise. Bowendien het Nederlandse bedryfsinrigtings ook nog geen ondervinding¹³⁾ in die mynbou gehad nie.

Maar 'n onderneming wat 'n belangrike deel van

9. P.J. van Winter: "De Ned. in de Z.A. Republiek"
bls. 68.

10. P.J. van Winter: "O.K.H." deel II bls. 43-59.
P.J. van Winter: "De Ned. in de Z.A.R." bls. 68-69.

11. P.J. van Winter: "O.K.H." deel I bls. 268.

12. Ibid. deel II bls. 26.

13. P.J. van Winter: "De Ned. in de Z.A.R." bls. 71-72.

13. P.J. van Winter: "O.K.H." deel II. bls. 15.

die "Zuid-Afrikaansche Republiek" geword het, het wel in Nederlandse hande gekom, veral deur die politieke voorkeur van President Kruger. Die voormanne van die onderneming het hulle bes probeer om alle moeilikhede uit die weg te ruim by die totstandkomming daarvan,¹⁴⁾ alhoewel hulle Duitse kapitaal vir die doel moes leen.¹⁵⁾ Dit was die "Nederlandsch - Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij" wat baie bygedra het tot die versterking van die Nederlandse element in die "Zuid-Afrikaansche Republiek".¹⁶⁾

Die N.Z.A.S.M. was 'n belangrike faktor in Suid-Afrika omdat dit Transvaal met die res van die wêreld verbind het buite Engelse gebied om, en omdat dit die kortste weg van 'n hawe na die goudvelde van die Witwatersrand beheers het. Hierdie verbinding met Delagoabaai het die vernietiging van die Engelse vervoermonopolie beteken. Dit was 'n gedurige bron van ergernis vir die Engelse imperialiste dat die werklike beheer van die spoorweë in Suid-Afrika in die hande van mense was wat die regering van die "Zuid-Afrikaansche Republiek" werklik wou dien.¹⁷⁾

Dadelik, by die begin van die werkzaamhede van die spoorweg, het hulle 'n groot aantal tegniese en administratiewe amptenare nodig gehad. Transvalers was daar nie genoeg om hierin te voorsien nie en dus

14. Ibid deel I. bls. 169.

15. P.J. van Winter: "De Ned. in de Z.A.R." bls. 74.

. P.J. van Winter: "O.K.H." deel I. bls. 165.

16. P.J. van Winter: "De Ned. in de Z.A.R." bls. 74.

17. Ibid. bls. 75.

P.J. van Winter: "O.K.H." deel II. bls. 11.

het 'n groot aantal persone uit Nederland gekom vir diens
18)
by die spoorwegmaatskappy.

Ook op onderwysgebied was die Nederlandse element
goed verteenwoordig, en het nou verbonde gestaan aan Pre-
19)
sident Kruger en die ideale wat hy wou uitleef.

Maar tog het die Nederlanders, veral die wat in
regeringsdiens en by die spoorwegmaatskappy was, in die
samelewing geen benydenswaardige posisie beklee nie. Dit
is selfverstaanbaar dat die Uitlanders vyandigesind was
teenoor die Nederlanders as 'n groep omdat hulle openlik
die kant van President Kruger gekies het. Maar ook die
aansien van die Nederlanders in die oë van die Boere self
was nie altyd baie gunstig nie. Reeds deurdat hulle met
soveel nadruk die land ingekom het in die posisies wat
hulle beklee het, het die Boere 'n baie strenger maatstaf
toegepas in hulle beoordeling van hierdie mense as oor
die ander buitelanders. Die Boere het in lewensopvatting
dikwels baie verskil van die 19^{de} eeuse Nederlander wat
onder invloed van die Europese geestesstrominge van sy
tyd was. Op die kleinste misstap van die Hollander is
20)
gewys en daar was sekerlik ook swart skape onder hulle.

Dit was vernaamlik lede van die Kaapse Kerk wat
teen die Nederlanders in Transvaal gekant was. Hulle kon
vir die Republiek alleen heil sien in leiding deur persone
wat uit die Kaap kom: dit was vir hulle 'n grief dat
verskillende hoë posisies in die staatsdiens deur Neder-

18. P.J. van Winter:"De Ned. in de Z.A.R." bls. 78.

P.J. van Winter:"O.K.H." deel II. bls. 78.

19. Ibid. deel II. bls. 69.

20. P.J. van Winter:"De Ned. in de Z.A.R." bls. 77.

P.J. van Winter:"O.K.H." deel II. bls. 77-78.

landers beklee is, nienteenstaande die feit dat die aantal Kapenaars in regeringsdiens die aantal Hollanders ver oorskrei het in 1897. In 1897 het die Transvaalse regering 1958 amptenare gehad waarvan 682 Transvalers, 478
21) Kapenaars en 306 Hollanders was. Tog het baie Boere, as hulle 'n fout in die administrasie agterkom, of as hulle in 'n hofsaak die onderspit gedelf het, die
22) skuld aan "die Hollanders" gegee.

Baie van die Nederlanders, veral die wat deur hulle werk in noue kontak met die Boere gekom het, het hulle heeltemal ingeburger en hulself een begin voel met die Boerevolk. Hulle was veral die handwerskers, handelaars, landbouers en laer amptenare. Maar 'n groot gedeelte, veral die Nederlanders in die hoër staatsbestrekkings, het hulself heeltemal gesoleer gevoel: hulle het sosiaal slegs met mekaar in aanraking gekom en het
23) nouliks verkeer met Boerefamilies gehad.

Die Utlanders in Johannesburg het met allerlei
24) griewe voor die dag gekom. (Een waarvan die toon-
25) aangewende posisie van die Nederlanders was), die
26) Jameson-inval het gekom, gevolg deur 'n felle politieke stryd tussen die Transvaalse Regering en die "Colonial Office" in Engeland oor die Konvensie van Londen, die vreemdelingewet, die spoorwegpolitiek van die "Zuid-Afrikaansche Republiek" en ander inbreuke,

-
21. P.R. Botha. bls. 360.
P.J. van Winter: "O.K.H." deel II. Ms. 74.
 22. P.J. van Winter: "De Ned. in de Z.A.R." bls. 76.
 23. Ibid. bls. 77-78.
P.J. van Winter: "O.K.H." deel II. bls. 76.
 24. P.R. Botha. bls. 329-341.
 25. Ibid. bls. 333.
 26. Ibid. bls. 379.

wat Chamberlain beweer het, op Engelse regte gemaak is.
Maar tog is dit alles nie as 'n onmiddellike aanduiding
tot oorlog beskou nie totdat Sir Alfred Milner, in 1897
as Hoë Kommissaris aangestel, daarop begin aandryf het
dat Engelse inmenging in die binnelandse aangeleenthede
²⁸⁾
van die Republiek 'n noodsaaklikheid was.

Die "Zuid-Afrikaansche Republiek" het in hierdie
²⁹⁾
jare bewapen en uiteindelik gesien dat verdere toe-
gewings slegs tot meer toegewings moes lei: mobilisasie
het gevolg en 'n inval in Engels - Suid-Afrika is voor-
berei, alles in samewerking met die Oranje-Vrystaat, hulle
³⁰⁾
bondgenoot. Op 9 Oktober 1899 het die Transvaalse
regering 'n ultimatum aan Engeland gestuur, en daur die
weiering om daaraan gevolg te gee het die diplomatieke
³¹⁾
stryd 'n wapenstryd geword.

In die diplomatieke stryd was President Kruger
en sy regering altyd getrou bygestaan deur Nederlandse
amptenare, en het hy ook die morele steun gehad van die
³²⁾
ander Hollanders in Transvaal. Hoe sou hulle hulself
gedra in 'n wapenstryd teen die vyand van hulle nuut-
aangename vaderland?

-
27. P.J. van Winter: "O.K.H." deel II bls. 326.
P.R. Botha bls. 407. e.v.
28. Ibid bls. 442.
P.J. van Winter: "O.K.H." deel II bls. 327.
29. P.R. Botha bls. 681.
30. Ibid bls. 684-685.
P.J. van Winter: "O.K.H." deel II bls. 331.
31. P.R. Botha bls. 688.
P.J. van Winter: "O.K.H." deel II bls. 332.
32. Ibid deel II bls. 334.

HOOFSTUK II.

Die Ontstaan en Organisasie van die Hollander Korps.

Dit was duidelik dat 'n oorlog met Engeland op hande was nog lank voordat dit tot openlike vyandigheid gekom het. Die Nederlanders in die "Zuid-Afrikaansche Republiek" het dit as hulle plig beskou om die nuwe vaderland bystand te verleen, en hierdie gevoel is versterk deur 'n gevoel van wrok teen die persone wat wou verhoed dat die Hollandse element hul in die Republieke¹⁾ sou uitleef en ontwikkel.

Die jonger Hollanders was te driftig in hulle ywer en het steeds die regering probeer aanpor tot oorlog met verskillende brieue en artikels in die Transvaalse koerante.²⁾

Dat hulle in geval van oorlog bystand aan die regering moes verleen, was die Nederlanders dit met mekaar eens, maar watter vorm sou hierdie bystand aanneem en wie sou die leiding daarin gee?

Hierdie leiding het gekom van dr. Hermanus Coster, die gewese staatsprokureur van die "Zuid-Afrikaansche Republiek" en dus 'n man wat in die staatkundige geskiedenis van die laaste jare van die "Zuid-Afrikaansche Republiek" 'n belangrike rol gespeel het. Hy is 30 Junie 1865 in Alkmaar, Nederland, gebore waar hy sy laere-skool onderwys ontvang het. Daarna is hy na

-
1. P.J. van Winter:"O.K.H." deel II bls. 339.
 2. C. Plokhooij:"Met den Mauser. Persoonlike Ervaringen in den Zuid-Afrikaanschen Oorlog." 2de druk. Gorinchem 1902. bls. 2.

Leiden om aan die gymnasium verder opgelei te word en om aan die Universiteit van Leiden in die regte te stu-
3) deer. Onder die ander studente was die jong Coster hoog in aansien, en is tot tweemaal toe as voorsitter van die studentekorps gekies. In sy studentetyd het hy baie reise onderneem met sy oom, vir wie hy 'n groot bewondering gehad het: o.a. het hulle Rusland en Amerika besoek.

In September 1890 het Coster na Suid-Afrika vertrek as Doktor in die Regsgeleerdheid, nadat hy 'n goeie betrekking in Amsterdam van die hand gewys het. Tot hierdie besluit het hy gekom deurdat hy getrokke was deur die romatiese idee om sy weg in die onbekende te baan. As advokaat in Pretoria was 'n behoorlike bestaan nie moontlik nie en het hy op die rand van gebrek gelewe totdat hy in die prokureursbesigheid van Hollard ingeneem is, teen 'n vergoeding van £20 per maand.

Teen die einde van 1895 het Ewald Esselen afgestree as staatsprokureur en het dr. Coster die amp tydelik waargeneem totdat hy, op aandrang van President Kruger, vas aangestel is as staatsprokureur. Die salaris van staatsprokureur was baie minder as wat hy toe reeds met 'n bloeiende regspraktyk verdien het.

Maar toe kom die Jameson-inval en die moeilikhede wat Chamberlain daarna veroorsaak het. Aan dr. Coster was dit oorgelaat om 'n wet oor immigrasie op te stel.
4) Teen hierdie wet het Chamberlain beswaar gemaak, en omdat die staatsprokureur die terugtrekking van die wet

3. De Volksstem, 27 Oktober 1899.
4. P.R. Botha bls. 528-545.

teengegaan het, het hy rusie met die staatspresident en die regering gehad waardeur dr. Coster die besluit,
wat hy al lang oorweeg het, ten uitvoer gebring het.
Hy het naamlik sy bedanking as staatsprokureur inge-
5)
stuur. By hierdie besluit het hy gebly nieteenstaande
die pleidooie van die President en die Uitvoerende
6)
Raad.

Dr. Coster het nou op 32-jarige leeftyd terug-
gekeer tot die amptelose lewe, alhoewel daar 'n bewe-
ging op tou gesit is om hom weer as staatsprokureur aan
te stel. Die Eerste Volksraad het hom dit offisieël
versoek. Maar hy het advodaat gebly en as sodanig was
hy 'n mees suksesvolle man. Hy het 'n bloeiende prak-
tyk gehad en het die volle vertroue van die regering
geniet. Hy was een van die manne wat deur die regering
benoem is as lid van die kommissie vir die grondwether-
siening.

Met die oorlog op hande was hy die eintlike
stigter van die Hollander Korps. Hy is veral gedryf
deur 'n paar woorde wat President Kruger hom toegevoeg
het in 'n dispuut oor die intrekking van die vreemde-
lingewet:-

"Wat, jullie Hollanders, je hebt makkelijk pra-
ten; als er oorlog komt dan kruipen jullie te huis
achter je lessenaars, maar wij Boeren moeten het uit-
7)
vechten."

-
5. P.J. van Winter: "O.K.H." deel II bls. 319.
 6. De Volksstem, 27 Oktober 1899.
 7. G. Vissering: "Een Hollander in Zuid-Afrika". Amsterdam 1900. Dit is 'n uitvoerige lewensbeskrywing van dr. Coster. Dit stem heeltemal ooreen met die beschrywing deur W.H. Lohman gegee in "De Volksstem" van 27 Oktober 1899.

Cars Geert de Jonge was nog 'n man wat 'n betreklik hoë posisie in die ampslewe van die "Zuid-Afrikaansche Republiek" beklee het en tesame met dr. Coster hom vir die stigting van die Hollander Korps beywer het.

Toe sy vader, 'n skeepskaptein, met sy skip voor anker gelê het in die hawe van Bahia in Brazilië, is Cars Geert gebore op 10 Oktober 1865 alwaar hy ook gedoop is op 22 Oktober.⁸⁾ Sy skoolopleiding het hy geniet in die Veenkolonies in die provinsie Groningen, waar hy in Wildervank eers die "Christelike School" besoek het en later die skool vir Meer Uitgebreide Laer Onderwys. Dit skyn asof sy hele skoolloopbaan met geldelike moeilikhede gepaard gegaan het.

Toe De Jonge byna 15 was het hy die toelatingseksamen vir die Ryksnormalskool te Veendam en ook die van die "Rijkskweekschool" in Groningen met sukses afgelê. Hy het egter geen beurs gekry om met l.g. studie aan te gaan nie en het dus voortgegaan met lesse by die Normalskool in die aande. Bedags het hy self lesse gegee by die "Christelike School" te Wildervank teen die gewone onderwyserssalaris. So het hy vir drie jaar voortgegaan totdat op 17 April 1885 die onderwyserssertifikaat aan hom toegeken is.

Daarna was hy vir ses maande onderwyser aan die skool te Wildervankster Dallen, 'n gehuggie naby Wildervank, totdat 'n benoeming gevolg het aan die "Marnixstichting" te Utrecht: hier was hy twee jare werksaam, tegelykertyd die kursus vir die "hoofdakte" volgende en in

8. Doopsertifikaat van C.G. de Jonge. Deur bemiddeling van Mnr. Jan Ploeger in bruikleen ontvang van die besitter Mnr. A.K. Bot, Pretoria.

Amsterdam het hy ook op 11 Augustus 1887 die eksamen vir Gereformeerde onderwysers afgelê.

Deur sy geneesheer is Cars de Jonge aangeraai om weens sy gesondheid na Suid-Afrika te gaan, en deur tussenkoms van die "Nederlandsch ZuiJ-Afrikaansche Ver- eeniging" is hy aan die einde van 1887 aangestel as onderwyser aan die skool van W. Louis in Pretoria. Nadat hy 'n jaar en ses maande aan dié opleidingskool werk- saam was het 'n aanstelling tot hoofonderwyser van die Rustenburgse skool gevolg. Hier was hy vir ses maande en het op 14 Junie 1890 die sertifikaat van verdienste gekry.
9)

21 Januarie 1890 is De Jonge benoem tot inspek-
teur van skole.
10) Hierdie betrekking het hy vir sewe
jaar beklee.
11) Die pos van sekretaris van onderwys
was juis vakant en is De Jonge, na sollicitasie, eers
as waarnemende sekretaris van onderwys aangestel vanaf
12)
9 Januarie 1897 en vanaf 29 Maart 1897 is hy per-
manent aangestel in daardie betrekking.
13)

In Julie 1899 is De Jonge ontslaan uit sy be- trekking as gevolg van artikels wat hy in die "Christelike Schoolblad" van 14 Maart 1899 en ander nuusblaaie geplaas het oor sekere predikante van die Ned. Hervormde of Gereformeerde Kerk en die leerstellings wat hulle ge- predik het. Tot hierdie besluit het die regering ge-

9: Die Sertifikaat van verdienste is in besit van Mnr. A.K. Bot, Pretoria.

10.S.S. R. 11849/89, 21 Januarie 1890.

11. Die lewensbeskrywing wat C.G. de Jonge bygevoeg het by sy applikasie vir aanstelling as sekretaris van onderwys. Besit van Mnr. A.K. Bot, Pretoria.

12.S.S. R. 244/97, Januarie 1897.

13.S.S. R. 16361/96, 18 Maart 1897.

kom nadat 'n kommissie van ondersoek, bestaande uit die Landdros en Regterlike Kommissaris van Pretoria, verslag 14) oor die kwessie uitgebring het. Dit was kort voor die uitbreek van die oorlog en in daardie tydjie het hy 15) geen pos beklee nie.

Begin September 1899 het dr. Coster en C.G. de Jonge met 'n aantal ander vooraanstaande Nederlanders en genaturaliseerde Nederlanders besluit om 'n verteenwoordigende vergadering te hou om sodoende 'n kommissie te kies. Hierdie kommissie sou in geval van 'n vredesbreuk sitting neem as 'n inligtingskantoor vir die regering en die persone wat hulle verteenwoordig. Die kommissie moes onderzoek instel hoe die kragte van die Nederlanders op die mees doeltreffende wyse aangewend kon word vir die verdediging van die land.

'n Plan wat deur een van hulle voorgestel is nl. dat daar 'n massa-vergadering van Nederlanders gehou moes word om openlik simpatie met die Transvaalse saak te betoon is afgekeur, omdat die gesindheid van die Nederlanders volkome duidelik aan die Regering en die volk van die 16) "Zuid-Afrikaansche Republiek" was.

Die verteenwoordigende vergadering is gehou op 7 September 1899 en is deur ± 50 Nederlanders en Oud- 17) Nederlanders bygewoon. M.E. de Wildt was die voor- sitter en tot lede van die kommissie is gekies:

-
- 14. S.S. R. 5161/99, 6 Mei 1899.
O.R. 11071/99
"Gedenkboek van den Oorlog in Zuid-Afrika", Amsterdam 1904 bls. 132.
 - 15. "De Volksstem", 8 Nov. 1899.
 - 16. Ibid. 7 Sept. 1899.
 - 17. Ingenieur by die N.Z.A.S.M.

18)
dr. H. Coster, K. van Rijssse, B.G.V. de Witt Hamer L.T.V.;
19)
E.L. Loterijman, P.W. Bell, J.C. Goldman, P. Wijnands,
20)
M.E. de Wildt, dr. Lohman, L. de Waard, dr. J.C. Kake-
beeke en L. Stipriaan Luiscius. Die vergadering is uit
belangstelling deur die here J. Lombard, J.S. Smit en
21)
22)
P.M. Botha, volksraadslede, bygewoon.

Pamflette om 'n algemene vergadering te adverteer is in Pretoria versprei en hierdie vergadering is op die 23) 14de September 1899 in die "Caledonian Hall" gehou. Die saal was stampvol en die aantal aanwesiges is op ongeveer 24) 800 geskat. Nadat M.E. de Wildt as voorsitter gekies is, is die woord aan V. de Witt Hamer gelaat. Hy het eers die aandag gevestig op die artikel in die Nederlandse grondwet waardeur dit verbied word dat 'n Nederlander homself opgee om krygsdiens vir 'n ander staat te verrig sonder die toestemming van die Koning, want anders sou hy sy status as Nederlander verloor. Die kommissie sou in die verband informasie verkry. Maar genaturaliseerde en stemgeregtigde burgers kon eenvoudig opgekommandeer word. Die Regering sou egter geneë wees om die opgekommandeerde persone by 'n eie korps te laat diensneem, as daar genoeg lede vir so'n korps sou wees. Die korps sou sy eie officiere kon kies, en as afsonderlike eenheid sou dit sorg dra vir sy eie kommisariaat. Die Kommandant van die korps sou staan onder die Generaal wat gedurende die oorlog

-
18. Hoof van Publieke werke.
 19. Hoof van die Staatsdrukkery.
 20. Directeur van die "Nederlandsche Bank en Credietvereniging".
 21. Hoof van Movement en Handelssake van die N.Z.A.S.M.
 22. "De Volksstem", 8 Sept. 1899.
 23. Ibid, 14 Sept. 1899.
 24. S.S. R. 13356/99, 21 Sept. 1899.
"De Volksstem" 15 Sept. 1899.

bevel sou hê. Die velddiens sou bestaan uit berede infanterie, en iedereen wat hiervoor geskik was, sou moes diensdoen al moes hulle ook eers as perderuiters geoefen word.

V. de Witt Hamer het ook melding gemaak van 'n garnisoensdiens wat om en in Pretoria sou diensdoen: vir die bewaking van die forte, diens in die forte en ook spesiale polisiediens.

Klem is gelê op die voordele wat die lede van die korps sou hê: hulle sou onder hulle eie landgenote wees en die belang van die individuele lede sou in die hande van die kommissie wees, as dit nog nie deur die konsulêre verteenwoordigers behartig is nie.

Die spreker het die volgende besluit voorgestel:
"Deze vergadering bestaande uit Nederlanders en Oud-Nederlanders er op lettende dat het land hunner inwoning thans in gevaar verkeert en wen-sende met de krachten die hun ten dienste staan de Regering dezer Republiek bij te staan. Besluit: de Commissie op te dragen regelen op te trekken ter vorming van een korps van Nederlanders en Oud-Nederlanders (deze laatste omdat machtiging bij de H.Ed. Regeering is bekomen dat zij zich bij zoodanig korps kunnen aansluiten) staande onder hunne eigen door de manschappen zelf te kiezen officieren en de diensten van zoodanig korps aan de H.Ed. Regeering aan te bieden."

Hy het ook die proklamasie van Generaal Piet Joubert van 20 Augustus 1899 aan die Kommandante en Veldkornette voor-gelees. Hierdie proklamasie het die kommandering van

vreemdelinge verbied.

Op 'n voorstel van een van die aanwesiges is die kommissielede weer in stemming gebring, en met uitsluiting van die here P. Wijnands en E.J. Loterijman is al die ander lede weer herkies. Daarop is H. Oudhoff van die N.Z.A.S.M.,
W. Klooster en C.G. de Jonge met groot applous gekies.
²⁵⁾

Voordat hy die vergadering verdaag het, het die voorsitter op haas aangedring by die verspreiding van die formuliere, wat uitgegee sou word, sodat hulle 'n definitiewe aanbod aan die regering kon doen.

Vanaf die 17^{de} September is die lyste en formuliere vinnig rondgestuur en ingevul,
²⁶⁾ en die kommissie het besluit om 'n vergadering van alle persone, wat die lyste geteken het, te hou sodra die stigting van 'n eie organisasie
²⁷⁾ deur die regering goedgekeur is.

Intussen het die kommissie in aanraking gekom met die lede van die regering, en die voorsitter van die kommissie het in 'n brief van 21 September 1899 aan die Staatssekretaris hulle saak uiteengesit, waarin hy vermeld het dat die Belge ook hulle bereidwilligheid getoon het om by die korps aan te sluit, en dat hulle meer as 'n honderd mans beskikbaar kan stel vir velddiens. M.E. de Wildt het ook allerlei voorstelle aan die Staatssekretaris voorgelê ten aansien van die manier van opkommandering - dat alle

25. S.S. R. 13356/99, 21 Sept. 1899.
"De Volksstem", 15 Sept. 1899.

26. Ibid, 16 Sept. 1899.
H.K. Argiefnommer 7.

27. "De Volksstem", 21 Sept. 1899.

Nederlanders en Oud-Nederlanders van geboorte, wat genaturaliseer of burger is, vry sou wees om by die korps aan te sluit as hulle dit sou wens. Hy vra ook dat die regering vir die bewapening van die korps sou sorgdra, en dat hulle almal mausergewere en perde sou ontvang. Hy het die posisie van amptenare wat by die korps wil aansluit duidelik gemaak, en gevra wat die houding van die regering sou wees teenoor hulle en oor die uitbetaaling van hulle salaris. Verder is inligting gevra omtrent die vervoer van troepe na die grens, kosvoorsiening en ander benodighede. Tenslotte het hy 'n onder-

28)

houd met die Uitvoerende Raad versoek.

Hierdie onderhoud met die Uitvoerende Raad het op 22 September 1899 plaasgevind, en laasgenoemde het hulle volle goedkeuring aan die plan geheg. Maar die Uitvoerende Raad wou egter alleen toelaat dat Pretoriane en Johannesburgers by die korps sou aansluit, terwyl Nederlanders en Oud-Nederlanders wat op die platteland woonagtig was, moes aansluit by die kommandos van hulle distrikte.²⁹⁾ Nederlanders, as vreemdelinge, mog egter nie opgekommandeer word solank as die omsendbrief van 20 Augustus 1899 van die Kommandant-Generaal van krag sou bly nie. Maar as hulle vrywillig wou aansluit dan moes hulle hul laat opkommandeer om hulle status van Nederlander nie te verloor nie.³⁰⁾ Verder het hulle gepraat oor die posisie van amptenare wat velddiens wou doen: hulle sou

28. S.S. R. 13356/99, 21 Sept. 1899.

29. "De Volksstem", 22 Sept. 1899.

30. Ibid, 22 Sept. 1899.

gelykgestel word aan die amptenare wat in die kantore of in die staatsdiens bly, maar die regering was nog besig om hierdie saak verder te reël. Ook is ooreengekom dat die korps soveel moontlik gelykgestel sou word met die ander kommandos.

Die vergadering wat die kommissie besluit het om te belê, sodra die regering sy toestemming sou verleen het, is op die aand van die 22ste September 1899 gehou en was weer goed bygewoon deur persone wat aangesluit het en ander belangstellendes. Die uitslag van die onderhoud met die Uitvoerende Raad is aan die aanwesiges meegedeel, en die vergadering het oorgegaan tot die vorming van twee korpse wat hoofsaaklik op die Boeremanier organiseer sou wees.

As Hoofkommandant van altwee is gekies Johannes Petrus La Grange Lombard, L.E.V., wat op 24 Julie 1846 in die distrik Riversdal, Kaapkolonie gebore is. In 1856 is hy saam met sy ouers na Bloemfontein waar hulle gaan woon het. Aan die Basoetoeoorlog van 1865 het hy reeds as 19-jarige seun deelgeneem. In die jare daarna is die betrekings van veldkornet en kommandant van tyd tot tyd deur hom beklee totdat hy in 1873 na die Standertonse distrik in Transvaal verhuis het.

Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog het Lombard fungeer as Kommandant vir Standerton, en aan die einde daarvan het hy die troepe van Generaal Buller vergesel

31. S.S. R. 13361/99, 27 Sept. 1899.
Dr. W. van Everdingen: "De Oorlog in Zuid-Afrika",
Delft, 1911. Deel I bls. 10.
32. "De Volksstem", 23 Sept. 1899.

as gyselaar van Newcastle na Potchefstroom.

Vanaf 1882 was hy lid van die Eerste Volksraad vir Standerton, en in 1894 verhuis hy na Middelburg. Hy het die betrekking van Kommandant neergelê omdat dit 'n vereiste was dat 'n Kommandant woonagtig moes wees in die distrik waarvoor hy as sodanig fungeer het.

Die distrik Bethal het Jan Lombard in 1896 teruggestuur as Eerste Volksraadslid, wat hy ook gebly het tot by die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog.³³⁾

Die eerste korps sou beskikbaar gestel word vir velddiens en het ten tyde van die vergadering op 150 manskappe gestaan. As Kommandant van hierdie korps is V. de Witt Hamer L.T.V. gekies.³⁴⁾

Die tweede korps bestaande uit ongeveer 300 mans sou in tyd van oorlog rus en orde in en om Pretoria bewaar en, indien nodig, kon 'n groot deel van hulle ook velddiens verrig. 'n Aantal gewese artilleriste van die Nederlandse leër het hulself ook aangebied en kon in die forte opgeneem word, volgens informasie wat van Majoor Erasmus ingewin is. Hulle aantal was ongeveer 20 en

33. G.S. Preller en F. v. Engelenburg: "Onze Krijgsofficieren: Album van Transvaalse Generals en Kommandanten e.a." Pretoria 1904, bls. 130.

34. S.S. R. 13361/99, 27 Sept. 1899.
"De Volksstem", 23 Sept. 1899.

Boudewijn Gerrit Verselewel de Witt Hamer is gebore op 12 Februarie 1855 te Doesburg in Gelderland. Hy was 'n offisier in die Nederlandse leër en het in 1885 na Suid-Afrika gekom. Hy was editeur van die eerste Hollandse koerant in Natal, "De Natal Boeren Vriend". In 1887 vertrek hy na Transvaal, waar hy verskillende staatsbestrekings beklee het: vir jare was hy 'n amptenaar in die Departement van Mynwese en daarna mynkommissaris van Leydsdorp en Barberton. Hy het sy betrekking neergelê in 1897 en was vanaf daardie jaar lid van die Tweede Volksraad. G.S. Preller en F.v. Engelenburg, bls. 212.

hulle sou deel uitmaak van die korps vir garnisoensdiens wat J.M. de Bruyn as hulle kommandant gekies het. Verder is 'n afdelingskommandant geskei vir elke 25 man.

Vir die velddiens was hulle: die here J.C. Gold-man, dr. H. Coster, C.G. de Jonge, Kiewit, K. van Rijssen, W. Nijenes en Lesturgeon.

Vir die garnisoensdiens: W. Klooster, F. Hildebrand, J. van Marle, H.E. Weijgers, Raymond, G. Coerman en L. de Waard.
³⁵⁾

In die dae hieropvolgende is die offisiere deur die regering ingesweer,
³⁶⁾ die mans van die korps vir veld-diens voorsien van perde, mausergewere en ander nodige uitrusting (vir die aankoop waarvan Kommandant Lombard £2000
³⁷⁾ van die regering ontvang het.)

Ook is die dae voor die vertrek na die grens gevul met oefeninge, want baie van die manskappe moes nog leer perdry en skiet omdat hulle dit nog nooit vantevore gedoen
³⁸⁾ het nie.

Die mans was nie uitgerus met enige soort uniforms nie, maar het soos die ander Boerekommandos in enige nuttige drag te velde getrek.
³⁹⁾

-
- 35. S.S. R. 13361/99, 27 Sept.. 1899.
"De Volksstem", 23 Sept. 1899.
 - 36. S.S. R. 13361/99, 27 Sept. 1899.
 - 37. C. Plokhooij, bls. 3.
K.G., C.R. 7250/99, 26 Sept. 1899.
Ibid. C.R. 7365/99, 30 Sept. 1899.
Ibid. C.R. 7349/99, 30 Sept. 1899.
U.R.B., 28/9/99, Art. 868.
S.S. R. 13465/99, 27 Sept. 1899.
 - 38, C. Plokhooij, bls. 3.
 - 39, Ibid, bls. 3.

HOOFSTUK III.

Afdeling Velddiens:

Die vertrek uit Pretoria en die tog na Natal.

Na heelwat oponthoud was die 130 man eindelik
1)
op 3 Oktober 1899 gereed om te vertrek. Ongeveer 5 uur
n.m. is hulle dan ook na afskeid van M.E. de Wildt, die
voorsitter van die komitee, uitgeleide gedoen deur 'n
groot skare van vrouens, kinders en gewapende burgers
2)
van die stasie in Pretoria.

Na 'n lang reis van twee dae het hulle aangkom
by die hooflaer van die Kommandant-Generaal te Zandspruit,
kampe van/
op die Natalse grens. By Zandspruit was reeds sewe/ver-
3)
skillende burgerkommandos en van die Staatsartillerie.

Die tyd op Zandspruit is deurgebring met oefeninge, want al die lede van die korps was nog nie heeltemal tuis op 'n perd, of met 'n geweer nie.
4)

Van tyd tot tyd het daar Nederlanders uit die ander kommandos by die kamp aangekom, wat hulle by die Hollander Korps wou aansluit deurdat hulle hul nie tuis gevoel het in die kommandos nie. Hulle is egter teruggestuur nadat Kommandant Lombard die besluit van die regering aan hulle bekend gemaak het.
5)

-
1. "De Volksstem", 29 Sept. 1899.
 2. C. Plokhooy, bls. 4.
"De Volksstem", "English Edition", 4 Oktober 1899. "In the last coach we noticed Mr. de Jonge, the late Secretary of the Education Department, and his men. He was loudly cheered now that, without bitterness or illfeeling, he has gone to the front in the service of his country".
 3. "De Volksstem", 12 Okt. 1899.
 4. Ibid, 16 Okt. 1899.
C. Plokhooy, bls. 4.
 5. "De Volksstem", 13 Okt. 1899.

Verveling het gou ontstaan en die oorywerige Nederlanders het begin kla dat dit onverstandig en lafhartig van die regering was dat hulle nog nie oorlog verklaar het nie. Die tyding van die Ultimatum is dan ook met vreugde en geesdrif begroet.⁶⁾

13 Oktober 1899 het die Hollander Korps opdrag gekry om verbinding te soek met die afdeling van Generaal J.H.M. Kock wat Natal reeds binnegeruk het.⁷⁾ Die afdeling van Generaal Kock het bestaan uit 'n Johannesburgse kommando onder Kommandant Ben Viljoen, die Duitse Vrywilligerskorps onder Kommandant A. Schiel en ongeveer 80 Vrystaatse burgers.

Die Hollander Korps het dieselfde dag nog die grens oorgetrek en was die eerste van die Boeremagte om Charlestown binne te trek.⁸⁾ Die dorpie was egter reeds deur die Engelse wagte verlaat. Na 'n vermoeiende tog van 'n paar dae onder swaar reëns, en waarin baie van die mans honger gely het deurdat hulle nog onervare was in die ekonomiese gebruik van hulle beperkte voedselvoorraad, het die Hollander Korps Newcastle genader.

Terwyl Kommandant Lombard onbewus was van die feit dat die Engelse troepe 'n paar uur tevore teruggeval het op Dannhauser en daarna op Glencoe, het hulle met die grootste versigtigheid genader.⁹⁾

Generaal J. Kock het reeds by Ingogo aan Gene-

-
6. C. Plokhoij, bls. 5.
 7. W. van Everdingen, deel I, bls. 11.
C. Plokhoij, bls. 6.
 8. W. van Everdingen, deel I, bls. 11.
 9. Ibid, bls. 11.
C. Plokhoij, bls. 8.

raal P. Joubert getelegrafeer vir versterkings weens die aanwesigheid van Engelse troepe by Newcastle. Hy het egter opdrag gekry om nie tot geveg oor te gaan voor dat die Heidelbergse en Boksburgse kommandos, onder Kommandant J.L.P. Erasmus en die Hollander Korps hom sou bereik het nie.
¹⁰⁾

Kaptein B.G.V. de Witt Hamer het die dorp binnegery en dit opgeëis van die magistraat. Kommandant Lombard het die manskappe beveel om voor die dorp te bly lê, as 'n maatreël van rus en orde, terwyl 'n gedeelte van hulle die fort Asniel moes beset.

Maar nadat 'n afdeling Boere, nl. die Heidelbergse Kommando, wat die voorhoede van Generaal D.J.E. Erasmus se kommando was, en 'n klein kommando van Utrecht, wat intussen aangekom het, wel binnegegaan het, het ook die Hollander-Korps die dorp binnegeruk. In 'n gees van oormoedigheid het die Boere en die Hollanders hulle baie ongedisiplineerd in Newcastle gedra: alles het hulle hulself toegee^{en}, en die besittings van die Engelse inwoners is nie respekteer nie.
¹¹⁾

Op die middag van 15 Oktober 1899 het Generaal Erasmus, wat opdrag gehad het om na Newcastle te gaan langs die Pogweinberg enoor die Buffelsrivier, ook die dorp binnegetrek.
¹²⁾

10) Michael Davitt: "The Boer Fight for Freedom". New York en Londen, 1902. bls. 126.

K.G. 344. Stukke ingekom 1/3/99 - 31/12/99.

11.C. Plokhooy, bls. 9 en 10.

12."The Times History of the War in South Africa", Londen, 1900-1909. Deel II bls. 142.

Nadat Generaal Jan Kock op Maandag 16 Oktober in
13) Newcastle arriveer het, is rus en orde herstel en op
14) dieselfde dag is krygsraad gehou.

Tot sover het die opmars van die kommandos sonder
'n vasgestelde plan plaasgevind, maar nou is besluit dat
Generaal D. Erasmus met die grootste gedeelte van die
Boere die Engelse by Dundee sou aanval, terwyl Generaal
Jan Kock met ongeveer 800 man bestaande uit die Duitse
Korps onder Kommandant A. Schiel, die Hollander Korps en
'n Johannesburgse Kommando onder Kommandant B.J. Viljoen
met slegs twee kanonne die weg na Ladysmith moes verken.
Ook moes hulle in verbinding tree met die Vrystaatse
kommandos by van Reenenspas en ander plekke langs die
Drakensberge. Generaal Jan Kock moes stellinginneem
by die Biggarsberg. Sodoende moes hy die spoorlyn
tussen Dundee en Ladysmith in sy mag kry sodat Dundee,
sonder dat die Engelse troepe aldaar versterkings van
Ladysmith kon kry, deur Generaal Erasmus uit die Noorde
15) en Generaal Lukas Meyer uit die Ooste, aangeval kon word.

Ook is besluit dat 16 man van die Hollander Korps
moes agterbly om die Fort Asniel te beset en J. de Bruyn
is as wagmeester aangestel. Hulle sou ook die perde met
16)
seer rûe en mank pote by hulle hou.

-
13. W. van Everdingen, deel I, bls. 11.
 14. "De Volksstem", 27 Okt. 1899.
 15. C. Plokhooij, bls. 12.
B.J. Viljoen: "Mijne Herinneringen aan den Anglo-Boeren
Oorlog", Amsterdam, 1902, bls. 22.
"History of the War in South Africa 1899-1902". Londen,
1906. Deel I, bls. 125.
 16. "Gedenkboek van den Oorlog in Zuid-Afrika", Amsterdam,
1904, bls. 121.
"De Volksstem", 27 Okt. 1899.

Generaal Kock het weggetrek en kamp opgeslaan by die Zondagsrivier in die pas by die Biggarsberg. Twee patrollies van 50 man elk, een onder veldkornet Potgieter van Schiel se Duitse Korps en die ander onder veldkornet Pienaar van Ben Viljoen se Johannesburgse Kommando, is vooruitgestuur met die opdrag om nie op die vyand te skiet nie en om na die kamp terug te keer.

Hierdie bevele is egter nie deur die veldkornette uitgevoer nie. Veldkornet Potgieter het op die 19de Oktober 1899 daarin geslaag om 'n trein met provisie by Waschbank te neem. Hierdie sukses het hom nog verder Suidwaarts laat trek in die rigting van Ladysmith. Teen die aand van 20 Oktober het hy en veldkornet Pienaar weer bymekaar gekom naby die stasie van Elandslaagte wat maar 12 myl van die Engelse kamp was. 'n Trein wat juis die stasie uitgestoom het, is deur hulle sonder sukses aangeval en een van die Boere is nog gewond ook. Die spoorweg is opgebreek en sodoende het die volgende trein uit Ladysmith, ook deur soldate begelei, in hulle hande gevval. Die trein, op pad na Dundee, was belaai met slagosse, kledingstukke en voedsel, terwyl daar ook 'n hoeveelheid sterk drank was.
¹⁷⁾ Nadat hulle ook die stasie ingeneem het, is die stasiemeester en die telegrafis in die telegraafkantoor opgesluit, sodat alles gou haarfyn
¹⁸⁾ in Ladysmith bekend was.

-
17. Bylaag I agterin: "Beweerde dronkenskap van die Hollanders by die slag van Elandslaagte".
 18. B.J. Viljoen, bls. 23.
"Gedenkboek van den Oorlog in Z.A.", bls. 125.
M. Davitt, bls. 127..
K.G. Brief van Komdt. Gen. P.J. Joubert aan die Staats-president 22/10/99.

Kolonel A. Schiel het nou met 'n gedeelte van sy manskappe op die stasie afgekom en, die gevaar insiende, wou hy die twee patrollies terugstuur na die kamp van Generaal Kock, toe twee gepantserde treine belaai met soldate en kanonne vanaf Ladysmith op die toneel verskyn het. Die Engelse het die stasie dadelik begin bombardeer sodat Kolonel Schiel teruggetrek het tot 'n posisie 'n myl Oos ¹⁹⁾ van die stasie.

Generaal Kock het Kommandant Ben Viljoen met 200 man en 'n kanon gestuur, nadat hy die nuus per telegram van Kolonel Schiel verneem het. Die beswaar van Kommandant Ben Viljoen om so ver vooruit te trek, sonder om in voeling te bly met die ander kommandos het Generaal Kock nie beweeg nie en hy het kort daarop met al sy manskappe gevolg.

Kommandant Ben Viljoen het die nag om 12 uur na 'n vermoeiende tog onder swaar stortreëns by Elandslaagte arriveer, terwyl Generaal Kock die volgendeoggend vroeg ²⁰⁾ aangekom het. Dit was 20 Oktober 1899. Die tog na Elandslaagte was meer 'n wedstryd as die opruk van kommandos: die vreemdelinge korpses het met mekaar en met die Boerekommandos gewedywer om voor te bly, sodat die ²¹⁾ tog na Elandslaagte in 'n baie kort tydjie volbring is.

Van die Engelse is die hele dag van die 20ste Ok-

-
19. "History of the War in South Africa", deel I, bls.160.
M. Davitt, bls. 127-128.
"Gedenkboek van den Oorlog in Z.A.", bls. 125.
20. B.J. Viljoen, bls. 23.
21. W. van Everdingen, deel I, bls. 12-13.
C. Plokhooij, bls. 13.
"The Times History of the War in S.A.", deel II, bls. 175-176.
"History of the War in S.A.", deel I, bls. 159.
K.G. 333. Telegramme 20/10/99. Hoof van Departement van Telegrafie aan die Kommandant-General.

tober niks gesien nie. Dr. Coster en 'n paar lede van die Hollander Korps is gestuur om die spoorlyn na Ladysmith op drie plekke op te breek, en die derde breuk het hulle gedoen by Modderspruit, die laaste halte voor Ladysmith.²²⁾

Kommandant Ben Viljoen se kamp was op die koppies Oos van die stasie, terwyl Generaal Jan Kock geskuif het van die gelyk grond voor die stasie na 'n kop ongeveer 'n myl verder. Die Hollander Korps het afgesaal aan die voet van 'n koppie in die nabyheid.²³⁾

Generaal Kock en sy burgers was nou ver voor al die ander Boerekommandos uit. Dit het heeltemal nie in die planne van Generaal Joubert ingepas dat so'n klein klompie hulself in die midde van die vyand sou begewe nie. Hierdie ongehoorsaamheid aan sy bevele sou dan ook lei tot die nederlaag van Generaal Jan Kock en gevolglik van die Hollander Korps.²⁴⁾

-
-
- 22. W. van Everdingen, deel I, bls. 13.
 - 23. Ibid, deel I, bls. 13.
M. Davitt, bls. 128.
 - 24. "De Volksstem", 24 Oktober 1899.
W. van Everdingen, deel I, bls. 12.
"The Times History of the War in S.A.", deel II, bls. 175.
K.G. Briewe-Kopie-Boek. Generaal P.J. Joubert aan die Staatssekretaris, 22/10/99.

HOOFSTUK IV.

Die Slag van Elandslaagte.

Die rede waarom die Boere- en Vreemdelinge-kommandos op Saterdag 20 September niks van die Engelse gesien het nie, was deurdat Generaal French, wat daardieoggend pas by Ladysmith aangekom het, uitgetrek het met 'n gedeelte van die "5th Lancers", die "Natal Mounted Rifles", die Natal Carbineers" en 'n battery van die "Royal Field Artillery", in die rigting van Elandslaagte. Colonel Ian Hamilton het later met nog 'n infanterieafdeling agterna getrek. Hulle het egter nie ver gegaan nie, want Generaal White het hulle laat terugroep omdat 'n geveg met die Vrystaters by Bestersstasie verwag is, en hulle was dus gou weer terug in Ladysmith.¹⁾

Maar toe die nuus van die geveg by Talana by Dundee die Engelse opperbevel bereik het, het dit vir hulle duidelik geword dat die kommandos by Elandslaagte nie meer so'n groot gevaar was nie, en is besluit om nou aan te val.²⁾

Om vier uur in die oggend van die 21ste Oktober het Generaal French weer in die rigting van Elandslaagte beweeg met gedeeltes van die "Imperial Light Horse" en die "Natal Field Artillery". Later het 'n pantserstrein Ladysmith verlaat, gevolg deur 'n bataljon van die

-
1. "History of the War in South Africa", deel I, bls. 160.
 2. "The Times History of the War in South Africa", deel I, bls. 178.

3)

"1st Manchester Regiment."

Ongemerk het die Engelse aangekom by die plek waar dr. H ermanus Coster en sy manne die vorige dag die spoorlyn verniel het, en ewe ongemerk het hulle 'n koppie ⁴⁾ agter die stasie van Elandslaagte beset.

Toe daar dus om ongeveer 8 uur 'n kanonskot gekom het en die burgers opdrag gekry het om op te saal, was daar groot verwarring onder hulle. Die goedereloods van die stasie was een van die eerste trefpunte, en dit het as gevolg gehad dat die Engelse gevangenes, wat daarin opgesluit was, kon ontsnap en hulle het teruggekeer na hul landgenote. Ook het 'n paar granate in die kamp van die Hollander Korps gevallen, wat egter niemand getref het nie. Die ambulanswa is ook getref, maar dit was skynbaar ⁵⁾ 'n vergissing want dit het nie meer gebeur nie.

Die Boere het nou aan die onderkant van die berg, by die kamp van Generaal Kock, posisie ingeneem met hulle twee kanonne, en nadat ongeveer 40 skote daarmee gevuur is, het die Engelse artillerie teruggetrek en opgehou met skiet. 'n Ammunisiewa was een van die eerste voorwerpe ⁶⁾ wat deur die Boere-kanonne getref is.

Die Hollander Korps en die Duitse Korps was aan

-
3. "History of the War in S.A.", deel I, bls. 161.
 4. W. van Everdingen, deel I, bls. 14.
 5. "De Volksstem", 23 Okt. 1899.
C. Plokhooij, bls. 16.
"History of the War in S.A.", deel I, bls. 161.
Oor die skot op die ambulanswa is alle bronre, beide van Boere- en Engelse kant, dit eens dat dit sonder bedoeling was.
 6. B.J. Viljoen, bls. 26.
"History of the War in S.A.", deel I, bls. 161.
M. Davitt, bls. 128.

die regterflank van die Boere-stellings, die kommando van Generaal Kock en die artillerie in die middel, en die Johannesburgers onder Kommandant Ben Viljoen aan die ⁷⁾ linkerkant.

Nou was dit ongeveer elf uur v.m. en die Hollander Korps en veldkornet Pienaar se manne het opdrag gekry om die vyandelike stellings te verken. Van koppie tot koppie trekkende het hulle by 'n rand gekom wat 'n goeie uitsig oor die vyand gebied het: die treine wat Generaal French gevolg het uit Ladysmith nl. die pantser-trein en twee treine belaai met manskappe van die 1ste Manchesterse Regiment was nou besig om afgelaai te word. Pogings om die Engelse troepe met granate te bereik het vrugteloos geblyk, terwyl 'n groot oormag van Engelse ⁸⁾ vergader het.

Die Johannesburgers van veldkornet Pienaar is as 'n voorpos agtergelaat, terwyl die res teruggegaan het na die kamp van Generaal Kock. By hom was daar geen vermoede dat die Engelse dieselfde dag weer sou aanval nie, en hy het staatgemaak op die spoedige aankoms van verstekings omdat Generaal Joubert met die hooflaer nog ⁹⁾ by Dannhauser was.

Kolonel A. Schiel en veldkornet Joubert het vooruitgegaan na die ammunisiewa, wat deur die Boerekanonnes

-
7. W. van Everdingen, deel I, bls. 14.
 8. Ibid, deel I, bls. 15.
C. Plokhooij, bls. 18.
 9. "Gedenkboek van den Oorlog in Z.A.," bls. 127.
W. van Everdingen, deel I, bls. 15.

getref is, maar hulle moes weer terugtrek omdat hulle
aangeval is deur 'n aantal Engelse soldate.¹⁰⁾

Verder het dit stilgebly totdat om ongeveer drie
uur 'n kanonskot die Boere in aller yl hulle stellings
laat inneem het. Die Hollander Korps het nou in die
die middel van die kommandos, by die kanonne, gelê.
Die getalsterkte van die mag van Generaal French was
nou, deur versterkings aangevul, van 6000 tot 7000 man,
waarvan ongeveer 4000 lansiers was, en 20 kanonne. Die
Boeremag het 800 man en 2 kanonne bedra.¹¹⁾

Vinnig het 'n hewige artillerievuur losgebars.
Die skote van die Engelse swaargeskut was 'n bietjie te
hoog gemik, maar granate het baie lede van die Hollander
Korps getref. Die kanonne van die Boere het swaar ver-
liese aan die vyand toegedien, maar al gou was een van
¹²⁾
die twee buite werking gestel.

Toe die Engelse infanterie en berede magte ge-
nader het, het 'n hewige geweervuur tussen die magte
ontbrand en die Engelse moes tweemaal agteruitgaan voor
die vernietigende skote van die Boere. Maar die Engel-
se troepe het met hul groot oormag vooruitgebeur. Die
linkervleuel van Generaal Kock moes hierdeur terugtrek
omdat hulle die hewigste vuur moes verduur.

Nou het die Hollander Korps onder skoot gekom

10. Ibid, deel I, bls. 15.

11. K.G. 344. Inkomende stukke. 22/10/99.

B.J. Viljoen, bls. 26.

"History of the War in S.A.", deel I, bls. 161-162.

12. B.J. Viljoen, bls. 26.

W. van Everdingen, deel I, bls. 16.

en hulle moes swaar verliege ly. 'n Bevel van Kommandant Lombard dat hulle een vir een moes terugtrek is verkeerd verstaan, en almal het tegelyk teruggegaan. Die gevolg was dat Kommandant Lombard weer die bevel gegee het om 13) vooruit te gaan.

Op dié linkervleuel, waar die Boere die hewigste aangeval is, het ongeveer om vyf uur 'n aantal perderuiters aangery gekom. Dit was die Duitsers onder Kolonel Schiel - maar die Boere, wat gedink het dat dit Engelse was, het op hulle begin skiet. 'n Kruisvuur van beide kante het Kolonel Schiel en 'n groot aantal van sy manskappe getref. 14)

Die terugval van die Boere op die linkervleuel het veroorsaak dat 'n groot deel van die Johannesburgse burgers paniekerig op die vlug geslaan het, teen die bevele van Generaal Kock in. 15)

Dit het die slegte toestand vir die Hollander Korps en die ander Boere, wat gebly het, hopeloos gemaak. Hulle was nou omsingel: van die sykant het 'n aanval Skotse soldate, waarop in die begin nie geskiet is nie omdat hulle aangesien is vir versterkings, aangeruk gekom. 16)

-
13. M. Davitt, bls. 133.
W. van Everdingen, deel I, bls. 16.
 14. "De Volksstem", 23 Okt. 1899.
W. van Everdingen, deel I, bls. 16.
 15. K.G. 344. Oorlogs-Telegramme, boek 2: telegram van Generaal P. Joubert aan Vrederegter Moodie, Newcastle, 22/10/99.
C. Plokhooij, bls. 22.
 16. M. Davitt, bls. 133.
W. van Everdingen, bls. 7.

Met die skemering was die geveg nog aan die gang, maar die vuur aan die Boerekant het minder geword deur die aantal manne wat nie meer kon veg nie en deur die gebrek aan ammunisie. Nou is die Boere, Duitsers en Hollanders ook van agter aangeval. Met die opdrag om te vlug waar dit moontlik is, het ook die ander kanon in die hande van die Engelse gevallen. Die oorblywendes het die koppies afgevlug terwyl hulle nog aan 'n swaar reënbus van geweer- en maximkoëels blootgestel was.¹⁷⁾

Die verlies van manskappe aan Boerekant was groot. Die veld was bestrooi met dooies en gewondes, terwyl die Engelse lansiers uiters wreed opgetree het teen laas-¹⁸⁾ genoemde. Generaal Kock, wat swaar gewond is, het die hele nag, beroof van al sy besittings op die slagveld gelê. Hy is 'n paar dae later, as krygsgevangene, in Lady Smith oorlede.¹⁹⁾

Die Hollander Korps self het 8 dooies en 20 gewondes gehad. 35 is krygsgevangene gemaak, terwyl nog 'n verdere twee vermis is. Slegs 44 man het ongedeerd uit die slag gekom. Onder die gesneuweldes was albei

-
- 17. M. Davitt, bls. 134.
 - 18. K.G. 344. Ingekome stukke: 'n beëdigde verklaring van Andries Schapers voor vrederegter Moodie van Newcastle oor die behandeling van gewondes deur die lansiers, 28 Ikt. 1899.
"De Volksstem", 24 Okt. 1899.
C. Plokhooij, bls. 28-29.
M. Davitt, bls. 135-136.
 - 19. M. Davitt, bls. 135.
W. van Everdingen, deel I, bls. 20.
K.G. 344. Inkomende stukke 22/10/99.
 - 20. Bylaag II agterin. "Buitengewone Staatscourant", 18 Nov. 1899.

die eintlike stigters van die Hollander Korps, dr. Hermanus Coster (21) en C.G. de Jonge.

-
21. In Nederland, en veral in Leiden, het die dood van dr. Hermanus Coster groot indruk gemaak sodat 'n kommissie benoem is vir die oprigting van 'n gedenksteen en 'n studiefonds ter nagedagtenis van dr. Coster. Ook is in die Paleis van Justisie in Pretoria 'n borsbeeld ter ere van dr. Coster opgerig.

HOOFSTUK V.

Die Velddiens van die Hollander Korps na Elandslaagte.

President Kruger en Kommandant-Generaal Joubert was uiters ontevrede oor die uitslag van die geveg by Elandslaagte.¹⁾ Die ontevredenheid was nie alleen oor die ongehoorsaamheid van die bevelhebbende offisiere om hulle nie by die krygsplan van die Kommandant-Generaal te hou nie,²⁾ maar ook oor die geveg self,³⁾ sodat hulle geweier het om toestemming te verleen dat die Hollander Korps weer reorganiseer sou word.⁴⁾ Opdrag is ook gegee dat die mans van die Johannesburgse Kommando van Kommandant Ben Viljoen onder militêre geleide teruggestuur moes word,⁵⁾ maar hulle is later weer toegelaat om by die ander Boerekommandos aan te sluit.⁶⁾

Kommandant Jan Lombard is op 24 Oktober beveel om die oorblywende lede van sy korps in Newcastle te versamel, asook die lede van die Duitse Korps daar Kolonel A. Schiel by Elandslaagte in 'n swaar gewonde toestand gevange geneem is. Die Hollanders moes alle perde, muile, tente, ens., wat hulle van die regering ontvang het afstaan aan Kommandant Ben Viljoen wat dan inventaris daarvan moes opmaak.⁶⁾

-
1. "Gedenkboek van den Oorlog in Z.A.", bls. 137-138.
 2. K.G. Oorlogstelegramme, boek 2. Telegram aan Staatssekretaris, 22/10/99.
Ibid. Telegram aan Staatspresident, 22/10/99.
 3. C. Plokhooij, bls. 32.
B.J. Viljoen, bls. 30.
 4. K.G. Oorlogstelegramme, boek 2. Telegram aan Resident-Vrederegter van Newcastle, 22/10/99.
Sien bladsy 32.
 5. K.G. Oorlogstelegramme boek 2. Telegram aan Resident-Vrederegter van Newcastle, 22/10/99.
 6. Ibid. Telegram aan Resident-Vrederegter van Newcastle, 24/10/99.

Maar voordat Kommandant Lombard aan sy opdrag kon voldoen het die meeste van die Hollanders reeds elders by Boere-kommandos aangesluit:⁷⁾ van die 39 mans wat by Kommandant Lombard teruggekeer het, het 23 weer dadelik te velde ge-trek.⁸⁾

Kommandant Lombard het dus alleen na Pretoria teruggekeer en het daar met die grootste lof gepraat van die gedrag van die Hollanders op die slagveld.⁹⁾

'n Paar man van die Hollander Korps het ook na Pretoria teruggekeer, en na verskeie pogings van Kommandant Lombard en die lede van die komitee van die Hollander Korps om weer 'n korps van Nederlander vir velddiens op die been te bring, het hulle die hoop laat vaar deur die onwilligheid van die Staatspresident en die regering. Die regering het wel die tegniese waarde van die Nederlanders besef by die telegrafie, ambulansdiens, inligtingsdiens en die genie, maar as krygsmanne in 'n afsonderlike eenheid was hulle te onervare, oormoedig en volkome onbekend met die manier van oorlogvoer in Suid-Afrika.¹⁰⁾

Kommandant Jan Lombard het hierna in die veld diensgedoen as 'n burger, totdat hy aangestel is as lid van die militêre hof in die Oostelike distrikte.¹¹⁾

7. C. Plokhooij, bls. 33.

8. K.G. 344. Ingekome stukke: Brief van Kommandant Lombard aan Generaal Joubert, Newcastle, 25 Okt. 1899.

9. "De Volksstem", 27 Okt. 1899.

10. J.C. Kakebeeke: "Die Slag van Elandslaagte", Die Huisgenoot 21 Mei 1937.

W. van Everdingen, deel II, bls. 139-140, deel I, bls. 52-53.
11. G.S. Preller en F.v. Engelenburg, bls. 130.

Kommandant Jan Lombard het voorsitter van die militêre hof gebly tot aan die einde van die oorlog. Na die oorlog het hy weer 'n tydlang sy aandag aan die boerdery gewy en daarna het hy by sy kinders tuisgegaan. Later het hy na 'n Tehuis vir Oues van Dae gegaan in Pretoria waar hy in die hoë ouderdom van 95 jaar oorlede is.

Teen die einde van November 1899 het in Natal, by die laers om Ladysmith, weer ongeveer 80 Nederlanders bypeengetrok met die bedoeling om die Hollander Korps te reorganiseer, en om Kommandant Lombard te vra om weer die leiding te aanvaar. Maar dit was 'n heeltemal ongeorganiseerde poging.¹²⁾ Die leiding is aan niemand oorgelaat nie; die nodige toestemming is nie aan die regering gevra nie, en die manne het by hulle onderskeie Boerekommandos gebly.

Ook in Januarie 1900 is opnuut gepraat oor die oprigting van 'n Hollander Korps. Jan Lombard het weer ingestem om Kommandant te wees, maar die oor van die regering het doof gebly.¹³⁾

In Maart 1900 het die regering toestemming gegee tot die oprigting van 'n Vreemdelinge-legioen wat sou staan onder Kolonel de Villebois-Mareuil. Hy is benoem tot veggeneraal en was reeds van die begin van die oorlog op die staf van Generaal Joubert en later van Generaal Louis Botha.^{14).}

Die regering het sy goedkeuring aan die plan geheg omdat Generaal de Villebois-Mareuil al heelwat ondervinding in oorloë gehad het,¹⁵⁾ en ook geleentheid gehad het om

-
12. "De Volksstem", 29 Nov. 1899.
W. van Everdingen, deel I, bls. 53.
 13. Ibid, deel II, bls. 141.
 14. Ibid, deel II, bls. 137-138.
 15. Burggraaf de Villebois-Mareuil was reeds op 20-jarige leeftyd offisier by die Franse leër in Cochinsjiena. Drie jaar later het hy die Frans-Pruissiese Oorlog meegemaak; in daardie oorlog is die Kruis van die Legioen van Eer aan hom toegeken. Na die oorlog het hy verskillende range beklee aan die Ministerie van Oorlog en die Generale Staf, sowel in Frankryk as in Algerië, waar hy in 1892 hoof van die staf was. In daardie jaar word hy Kolonel en kommandeer die 1ste Regiment van die Vreemdelinge-Legioen in Algerië. In 1895 het hy sy bedanking ingedien en hom gewy aan militêr-wetenskaplike arbeid.

die krygskuns van die Boere te bestudeer. Daar is egter ooreengekom dat die Vreemdelinge-legioen, wat sou bestaan uit bereede infanterie en lichte artillerie, soveel moontlik op die agtergrond sou bly by gevegte, dat hulle die vyandlike spoorlyne en konvoie sou vernietig en by 'n eventuele oorwinning die vyand sou agtervolg.¹⁶⁾

In Pretoria het gou 'n aantal Nederlanders hulle bereidwilligheid te kenne gegee om ook toe te tree by die Vreemdelinge-legioen. Toestemming is verkry om die verskillende kommandos te verlaat en om na Pretoria te gaan. Daar is hulle georganiseer deur Kommandant Smorenburg,¹⁷⁾ 'n vroeëre lid van die speurdiens in Pretoria. Op 19 Maart 1900 het die eerste afdeling Nederlanders van die Vreemdelinge-legioen uit Pretoria vertrek en die volgende dag nog een, sodat daar 80 Nederlanders in Kroonstad byeen was op 21 Maart. Op hierdie dag is hulle inspekteer deur Generaal de Villebois-Mareuil, waarna hy 'n brief van erkentenis aan H.M. Koningin Wilhelmina van die Nederlande gerig het.¹⁸⁾

Die getal Nederlanders was voor die einde van Maart 1900 reeds meer as 140 getel, sodat hulle meer was as die oorspronklike Hollander Korps van Oktober 1899. Maar 'n aparte Hollander Korps was dit nooit nie alhoewel so genoem deur tydgenote.

Die Vreemdelinge-legioen was byna uitsluitlik op

16. W. van Everdingen, deel II, bls. 139-141.

17. "De Volksstem", 20 Maart 1900.

18. W. van Everdingen, deel II, bls. 143.

Europese lees geskoei, en die staf van Generaal de Villebois-Mareuil het dan ook bestaan uit offisiere van Europese leërs: 'n Russiese kolonel, X. Maximof, en 'n Duitse lste luitenant, Boron von Wrangel. Die ander junior offisiere was uit die Amerikaanse, Franse, Duitse, Ierse en Nederlandse leërs: luitenant Hassel van die Amerikaanse leër; luitenante De Bréda, Galopand en d'Etchegoyen van die Franse leër; kommandant A. Smorenburg en luitenant F. Goldman van die Nederlandse leër en kaptein Lorens van die Duitse leër.

Op 24 Maart 1900 het 'n gedeelte van die Vreemdelinge-legioen, bestaande uit ongeveer 50 Nederlanders en 25 Franse opdrag gekry om hulle gereed te maak: hulle moes 'n spoorlyn Noord van Kimberley opblaas. As dit gedoen is sou Generaal de Villebois-Mareuil met die res van sy legioen agter die vyand aantrek, om hulle verbindingslyne soveel moontlik skade aan te doen.

Oos van Boshof het die afdeling van Kommandant A. Smorenburg posisie ingeneem en gewag op die aankoms van die Generaal en die res van die Vreemdelinge-legioen.

Toe die hele legioen op 4 April 1900 voltallig was, het hulle 'n nuwe dagorde gekry om Boshof in die nag te verras. Maar deurdat 'n gids hulle op die verkeerde spoor gebring het, is hulle vroeg in dieoggend van die vyfde April aangevaldeur die troepe van Lord Methuen.

Generaal de Villebois-Mareuil en baie ander is

19. Ibid, deel II, bls.142.

20. Ibid, deel II, bls. 143-144.

gedood, terwyl die grootste gedeelte van die res moes
21) oorgee.

Ongeveer 80 oorblywende lede van die Vreemdelinge-legioen, waarvan die meeste Nederlanders was, het hulself nou onder die leiding gestel van Kolonel Maximof, wat weer aangesluit het by Generaal Kolbe in die Oranje-Vry-
22) staat.

In die begin van Mei 1900 is daar 'n nuwe beweging op tou gesit om die Vreemdelinge-legioen op 'n groot skaal te reorganiseer. Alle vreemdelinge wat reeds velddiens verrig het, het opdrag gekry om hulle by die kantoor van die Vreemdelinge-legioen in Pretoria aan te meld met straf onder krygwet by versuim. Die wat diensgedoen het by die kampe, magasyne en spoorbrûe moes bewys daarvan lewer. Hulle het kans gehad om hulle aan te meld tot 21 Mei 1900. Elke 20 man van dieselfde nasionaliteit sou die reg kry om hulle eie luitenant te kies, terwyl groter groepe ook hoër offisiere sou mog kies. Hierdie legioen sou bekend
23) staan as die "Internasionale Korps."

Die beweging het gou doodgeloop en die "Internationale Korps" het nooit totstandgekom nie. Die treurige einde van die legioen van Generaal de Villebois-Mareuil het hier toe bygedra.

Die afdeling van Kolonel Maximof het na Pretoria teruggekeer in die middel van Mei 1900, as gevolg van 'n

-
21. "Gedenkboek van den Oorlog in Z.A.", bls. 292.
W. van Everdingen, deel II, bls. 144-148.
 22. Ibid, bls. 153.
 23. "De Volksstem", 12 Mei 1900.
Ibid, 18 Mei 1900.

verwonding wat deur Maximoff opgedoen is. Hy het besluit om voorlopig die bevel van die korps neer te lê,
²⁴⁾ maar hy het nooit weer in die oorlog geveg nie omdat hy aan die end van Mei 1900 na Europa is en nie weer teruggekeer het nie.
²⁵⁾

Dadelik nadat die pogings tot vorming van die "Internasionale Korps" tot niet gegaan het, het die gedagte weer opgekom om die verskillende groepies Nederlanders, wat aan die velddiens deelgeneem het, te verenig in 'n selfstandige Hollander Korps wat weer sou staan onder bevel van Kommandant Jan Lombard. Generaal Blignaut, wat in die tyd huis in Pretoria was, is gevra om die
²⁶⁾ Generaal van die Korps te wees.

Vir hierdie doel is op 22 Mei 1900 'n vergadering gehou in Pretoria, wat deur ongeveer 60 Nederlanders besoek is. Die voorsitter van die vergadering was J.G.
²⁷⁾ van Ham en beide Generaal Blignaut en Kolonel Maximof was aanwesig. Generaal Blignaut het die generalskap aanvaar en die offisiere van die korps is dadelik gekies: J.G. van Ham, F.A. van der Loo, R. Hermeus en J. van Ingen as luitenante. Maar omdat hulle nog geen toestemming van die regering gehad het nie, is 'n petisie na die regering gestuur waarin hulle toestemming gevra het

24. Ibid, 22 Mei 1900.

25. Ibid, 28 Mei 1900.

26. Ibid, 22 Mei 1900.

27. J.G. van Ham was 'nseun van Generaal van Ham wat op 27 Augustus 1894 by Tjakranegara, tydens die moeilikhede met die inboorlinge op die eiland Lombok in Nederlands-Oos-Indië, gesneuwel het. H.T. Colenbrander: "Koloniale Geschiedenis", Den Haag, 1926, deel III, bls. 313.

vir die oprigting van die korps en die bevestiging van
Generaal Blignaut as Generaal daarvan.²⁸⁾

Hangende die goedkeuring deur die regering het Generaal Blignaut en die ander lede voortgegaan met die organisasie. Die aantal manskappe wat aangesluit het, was bo verwagting groot.

Generaal Blignaut het op 24 Mei 1900 besluit om sy hoofkwartier te verplaas na Johannesburg. Hy het gemeen om daar makliker te slaag in die aankoop van perde. Die manskappe het dus opdrag gekry om op die middag van 26 Mei by die Pretoria-stasie te vergader om na Johannesburg te vertrek.²⁹⁾³⁰⁾

Die regering het nog nie toestemming verleent nie, die Engelse troepe was reeds op koms en die planne het deur die verwarring in duie gestort, sodat die Nederlanders weer afsonderlik by die kommandos aangesluit het.

Maar in al die tyd na die geveg by Elandslaagte het die Nederlanders in die veld hulself beskou asof hulle nog lede van die Hollander Korps was. Hulle het hul korrespondensie aan die kantoor van die Hollander Korps (garnisoensdiens) gerig, die staf van hierdie kantoor het hulle belang behartig, en dikwels die afsonderlike persone uitgerus met nuwe wapentuig as hulle die oue verloor het.³¹⁾

28. "De Volksstem", 23 Mei 1900.

29. Ibid, 24 Mei 1900.

30. Ibid, 25 Mei, 1900.

31. H.K. no. 6. Brieewe-Kopie-Boek, 1 April 1900.
H.K. no. 1. Inkomende Korrespondensie, 11 Maart 1900
en 30 Maart 1900.

HOOFSTUK VI.

Die Garnisoensdiens.

Op die algemene vergadering gehou op 14 September 1899 is ook melding gemaak van 'n garnisoensdiens, wat opgerig sou word vir die bewaking van belangrike plekke by Pretoria en vir spesiale polisiediens.¹⁾

Die vergadering van 22 September 1899 het J. de Bruyn as Kommandant van die garnisoensdiens gekies, en as afdelingskommandante W. Klooster, F. Hildebrand, J. van Marle, H.E. Weijgers, Raymond, G. Coerman en L. de Waard. Dit is beraam dat hierdie afdeling van die korps sou bestaan uit sowat 300 man.²⁾

Die garnisoensdiens het 'n eie kantoor gekry in Pretoria, en die diens het pas op 29 September 1899 vaste vorm begin aanneem, deurdat die reëling voor daar-die tyd nie van die beste was nie.

Toe die garnisoensdiens aangevang het, het L. de Waard fungeer as kommandant en G. Westenenk as assistent-kommandant. Hulle is gekies deur 'n meerderheid van stemme deur die manskappe van die garnisoensdiens.³⁾

Die staf van die kantoor, wat dag en nag oop was, is nog verder uitgebrei deur die aanstelling van N. Tromp as sekretaris op 7 Oktober 1899,⁴⁾ en W.P.H. Riethoff as

⁵⁾

-
1. S.S. R. 13356/99, 21 Sept. 1899.
"De Volksstem", 15 Sept. 1899.
 2. S.S. R. 13361/99, 25 Sept. 1899.
"De Volksstem", 23 Sept. 1899.
 3. H.K. no. 8. Registers.
Ibid, no. 9. Manskappe-indeks.
 4. Ibid, no. 2. B.K.B. 223:3 Nov. 1899.

6) adjudant. Verder was daar nog 'n boekhouer en twee
7) klerke.

Aan die veldkornet van Pretoria het die kommandant van die garnisoensdiens daagliks rapport gestuur,
en het van hom ook direk bevele ontvang oor spesiale bewakingsdienste wat van tyd tot tyd verrig moes word.
8)

Van 29 September tot 5 Oktober 1899 het die diens alleen nog bestaan uit waghou in die kamp; bewaking van die spoorweg van Pretoria tot Eerste Fabrieke en bewaking van die spoorwegbrug by Irene. Op 6 Oktober is vaste wagposte geplaas by Eerste Fabrieke, Koedoespoort, die Apiesrivierbrug (Noord van Pretoria) en Irene. Die poste het bestaan uit 12 man elk wat ook patrolliediens moes verrig. 'n Aparte patrolliediens is ook ingestel
9) tussen Pretoria en Fonteine.

Tydens die volgende paar dae moes die diens langs die spoorlyn uitgebrei word, daar die wagte van die "Zuid-Afrikaansche Republiek" weggeroep is om velddiens te verrig. Die brûe en plekke wat deur mans van die N.Z.A.S.M. bewaak is, moes ook deur lede van die Hollander Korps waargeneem word, omdat die spoorwegmaatskappy die dienste van die manskappe elders nodig gehad het. So het op 7 Oktober 1899 die garnisoenskommandant opdrag

-
6. Ibid, no. 2. B.K.B. 160 : 21 Ikt. 1899.
 7. Ibid, no. 8. Registers.
 8. Ibid, no. 2. B.K.B. 13 : 7 Okt. 1899, 27 : 9 Okt. 1899, 34 : 10 Okt. 1899.
 - Ibid, no. 1. Inkomende Korrespondensie, 9 Des. 1900.
 9. Ibid, no. 2. B.K.B. 27 : 9 Okt. 1899.

gekry om die brûe by Kaalspruit, Olifantsfontein, Kaalfontein en Zuurfontein te bewaak. Die plekke is voorheen bewaak deur die burgers van veldkornet Erasmus, maar hulle het bevel gekry om na die hooflaer te gaan. ¹⁰⁾

Die manskappe van die garnisoensdiens is nou in seksies verdeel, elkeen onder 'n seksiekommandant en 'n paar korporaals. Aanvanklik was daar vier seksies, maar dit is uitgebrei op 13 Oktober 1899 tot ses. ¹¹⁾

Seksie I het as seksiekommandant H. Broeksma gehad en die aantal manskappe het deurgaans om en by 28 en 3 korporaals gebly. Hulle gewone diensplig was die bewaking van die spoorbrug by Sunnyside en patrolliediens tot by die brug van Fonteine. Hierdie diens het dié seksie om die derde dag gedoen - die ander twee dae is dit deur seksies IV en V waargeneem. Later is die bewaking van die voedingsmagasyn nog tot hulle pligte bygevoeg en ook soms die bewaking van die spoorwegduiker by Muckleneuk, die Munt en die fabriek van die Gebroeders Delfos. Deurdat die wagposte so naby Pretoria was kon die manne buite hulle diensure huistoe gaan en is daar geen tente of waglokale vir hulle gerief opgerig nie. ¹²⁾

Seksie II se kommandant was F. Hildebrand tot Desember 1899, ¹³⁾ toe D.S. Frenkel tot April 1900 en daarna D.S. van der Meer. Die aantal manskappe in hier-

-
10. Ibid, no. 1. Inkomende Korrespondensie, 7 Okt. 1899.
Ibid, no. 2. B.K.B. 13 : 7 Okt. 1899.
 11. Ibid, 11 Raporte van die verskillende seksies.
Ibid, no. 2. B.K.B. 34 : 10 Okt. 1899.
 12. Ibid, no. 11. Raporte van Seksie I.
 13. Ibid, no. 1. Inkomende Korrespondensie, 6 Des. 1899.

die seksie het gestyg van 29 manskappe en 2 korporaals tot 50 manskappe en vier korporaals in Desember 1899, waarna dit weer geleidelik gedaal het tot ongeveer 20 manskappe en 2 korporaals net voor die inname van Pretoria deur die Engelse troepe. Seksie II se diens het bestaan uit patrolliediens van Pretoria tot by Pienaarspoort en die bewaking van die brûe langs hierdie lyn. Vaste poste is gestel by Koedoespoort, Silverton en Eerste Fabrieke. Die manskappe is gelykop verdeel tussen die verskillende poste en twee manskappe moes elke drie uur 'n ander twee aflos.

Van Seksie III was G. Coerman die kommandant en vanaf Desember 1899 L.F.G. Goldman, daar G. Coerman deur die spoorwegmaatskappy teruggeroep is.¹⁵⁾ Aanvanklik het hierdie seksie slegs die brug by Irene met gemiddeld 12 manskappe en 1 korporaal bewaak, en die brug by K.M. 466 met 8 manskappe en 1 korporaal. Vanaf 15 Desember 1899 is die seksie uitgebrei met die oog op die groter bewakingsdiens wat dit moes verrig. Die brug by Irene is nog soos voorheen bewaak, maar ook is vaste poste gestel by Kaalspruit (10 manskappe), Olifantsfontein (4 manskappe), Kaalfontein (4 manskappe) en Zuurfontein (10 manskappe). Oor elkeen van hierdie poste is 'n korporaal gestel. Op 11 Januarie 1900 is die patrolliediens anderkant Zuurfon-

14. Ibid, no.11 Rapport van Seksie II.

15. Ibid, no. 5. B.K.B. 53 : 8 Des. 1899.

Dit was by alle seksies die geval dat as daar nuwe seksiekommendante gekies moes word dit was deur terug-roeping na die N.Z.A.S.M. H.K. no. 5. B.K.B. 55.

16) tein tot by Rietfontein verleng. Op 29 Januarie 1900 is ook 'n wagpos by Drogegrond, tussen Fonteinte en Irene,
17) geplaas bestaande uit vier manskappe en 'n korporaal.

A. Savelkoul was die eerste kommandant van
18) Seksie IV en vanaf begin November 1899 K. van Rijsses. Hierdie seksie het ook om die derde dag die spoorweg bewaak van Pretoria-stasie tot by Fonteine en tot by die brug van Sunnyside. Behalwe dit het Seksie IV altyd afwisselende dienspligte gehad: so moes die manskappe aan die einde van Oktober 1899 al die kalkbranderye in die omtrek van die stasie van Irene ondersoek in opdrag van die regering. In die kalkbranderye is hoeveelhede dinamiet gekonfiskeer wat daar was vir gebruik in die steengroewe. Ook moes hulle herhaalde male krygsgevange-nes van die stasie na die krygsgevangenkamp vervoer, en verdere bewakingsdiens by die kamp uitvoer. Vanaf Januarie 1900 moes die seksie ook gereeld snags die regeringsmagasyn bewaak. Deur die afwisselende bewakingsdienste het die aantal diensdoende manskappe gedurig varieer
19) tussen 11 en 36.

Seksie V was die derde wat ook die spoorlyne van Pretoria na Fonteine en die Sunnyside-brug moes bewaak. W. Klooster was die eerste seksie-kommandant en vanaf April 1900 P. Bos. Ook hierdie seksie het aanvullende dienste verrig. Hulle het ook patrollies oor Muckleneuk

16. H.K. no. 4. B.K.B. 56 : 11 Jan. 1900.

17. Ibid, no. 11. Rapport van Seksie III.

18. Ibid, no. 1. Inkomende Korrespondensie, 25 Jan. 1900.

19. Ibid, no. 11. Rapport van Seksie IV.

gestuur, die krygsgevangenkamp bewaak en later die Munt en die fabriek van die Gebroeders Delfos. Die aantal manskappe van Seksie V het gestaan op 17 tot 30, met 20)
vier korporaals.

Deurdat die manskappe van Seksie I, XV en V grootendeels bestaan het uit persone wat nog in vaste diens was by die spoorwegmaatskappy en die regering, het elke seksie slegs om die drie dae hulle diens verrig, en is die tyd verdeel sodat vier manskappe slegs om die drie 21)
uur bewakingsdiens verrig het.

'n Sesde seksie is later in Oktober opgerig omdat die uitgebreide dienste van Seksie III te veel geword het vir die aantal manskappe. Aanvanklik was H.E. Weijgers seksiekommmandant, wie opgevolg is in Desember 1899 deur J. Mulder en daarna was H.G. Volkers seksiekommmandant vanaf Maart 1900.

Hulle moes elke tweede dag dieselfde dienste as Seksie III verrig nl. die lyn en brugwag vanaf Irene tot by Zuurfontein. Die aantal manskappe was ook deurgaans ongeveer dieselfde as die van Seksie III met dieselfde verdeling tussen die verskillende wagposte, behalwe natuurlik klein veranderinge toeweegbring deur oproeping vir velddiens en die terugroeping van manskappe vir diens 22)
by die spoorwegmaatskappy.

Om die paar dae het die assistent-kommmandant van

20. Ibid, no. 11. Rapport van Seksie V.

21. Ibid, no. 1. Inkomende Korrespondensie, 6 Nov. 1899 en 9 Nov. 1899.

22. Ibid, no. 11. Rapport van Seksie VI.

die garnisoensdiens 'n inspeksiereis langs die verskillende poste gemaak,²³⁾ en dan 'n rapport daaroor aan die Kommandant uitgebring. Maar op 12 November 1899 is W.P.H. Riet-hoff en N. Tromp aangestel as "inspekteurs van de posten langs den lijn" en het hulle gereëld die poste ondersoek, beginnende op 13 November en ook hulle moes rapporteer aan die Hoofkommandant.²⁴⁾ In die rapporte het hulle melding gemaak van die toestand waarin hulle die poste aangetref het, van die gees van die manskappe en het allerlei verbeteringe aanbeveel.

Die manskappe van die garnisoensdiens mog nie van hulle poste of uit Pretoria gaan nie sonder 'n spesiale permit, en moes klaar wees om 2 uur na oproeping in te val om enige diens vir die "Zuid-Afrikaansche Republiek" te verrig.²⁵⁾ Maar geen lid van die garnisoensdiens kon velddiens opgekommandeer word sonder die uitdruklike toestemming van die garnisoenskommandant nie.²⁶⁾ Die kwessie het heelwat moeilikheid gegee omdat baie van die manskappe, wat nie slegs tydelik deur die N.Z.A.S.M. of die staatsdiens afgestaan is nie, later liever na die velddiens wou oorgaan.²⁷⁾ Maar dit sou afbreuk doen aan die behoorlike uitvoering van die garnisoensdiens,²⁸⁾ wat as 'n noodsaaklikheid geag is.

-
23. Ibid, no. 11. Rapport van Hoër Offisiere (10 Okt. 1899; 18 Okt. 1899; 24 Okt. 1899 en 30 Okt. 1899).
24. Ibid, no. 11. Rapport van Hoër Offisiere (14 Nov. 1899; 22 Nov. 1899; 4 Des. 1899).
25. Ibid, no. 5. B.K.B. 15 : 11 Okt. 1899.
26. Ibid, no. 2. B.K.B. 217 : 2 Nov. 1899.
27. Ibid, no. 1. Inkomende Korrespondensie, 6 Okt. 1899, 23 Jan. 1900, 5 Febr. 1900, 19 Febr. 1900 en 15 Maart 1900.
28. Ibid, no. 2. B.K.B. 47 : 11 Okt. 1899.
Ibid, no. 1. Inkomende Korrespondensie, 23 April 1900.

In die begin is wel persone toegelaat om na die velddiens oor te gaan as hulle bepaalde tegniese kennis nodig was vir die opbreek van spoorwee en die vernieling
29) van brûe . Vanaf Januarie 1900 is egter gedurig mans, as hulle gemis kon word en hulle wou weggaan, weggestuur om in die veld diens te doen, aangesien die nood daar uiters groot was. Omdat daar nie meer 'n Hollander Korps as sodanig bestaan het wat velddiens verrig het nie, het die veldkornet hulle in die Boerekommandos geplaas, terwyl die vrywilligers hulle in Maart 1900 by die Vreemdelinge-legioen van Generaal de Villebois-
30) Mareuil mog aansluit.

Hierdie vertrek van manskappe op kommando het in Mei 1900 daartoe geleid dat die aantal diensdoende
31) manskappe op die wagposte aanmerklik ingekrimp is.

Van tyd tot tyd is personeel van die N.Z.A.S.M.
32) afgestaan om garnisoensdiens te verrig, met dien verstande dat as dit nodig sou word, hulle dadelik weer in diens van die spoorweg moes terugtree. Sodoende is hierdie mans nie ingelyf by die velddiens nie, maar
33) wel by die garnisoensdiens.

-
29. Ibid, no. 2. B.K.B. 126 : 20 Okt. 1899.
Ibid, no. 1. Inkomende Korrespondensie, 19 Okt. 1899.
K.G. C.R. 78 25/99, 17/10/99.
30. H.K. no. 4. B.K.B. 78 : 29 Jan. 1900, 128 : 16 Maart 1900.
Ibid, no. 6. B.K.B. 109 : 16 Maart 1900.
Ibid, no. 1. Inkomende Korrespondensie, 16 Maart 1900.
31. Ibid, no. 3. B.K.B. 437 : 8 Mei 1900.
32. Ibid. no. 1. Inkomende Korrespondensie, 23 Jan. 1900,
3 April 1900.
Ibid, no. 3. B.K.B. 12 : 8 Nov. 1899.
33. Ibid, no. 1. Inkomende Korrespondensie, 24 Okt. 1899,
1 Nov. 1899.
P.J. van Winter, "O.K.H.", deel II, bls. 241.

Aan die amptenare van die N.Z.A.S.M. wat gewil^e lig was om krygsdiens te verrig deur die verminderde werksaamhede van die spoorwegmaatskappy is salaris uitbetaal en is hulle nog gereken in diens van die maatskappy te wees. Die wat wel gemis kon word, maar wat nie krygsdiens wou verrig nie, kon eervolle ontslag
³⁴⁾ uit die spoorwegdiens verkry.

Die spoorwegmaatskappy was verder nog behulp-saam met die verskaffing van materiaal vir die garnisoensdiens - soos wagkamere, tente, e.a.
³⁵⁾

V... Vanaf 7 Oktober 1899 is in Pretoria 'n spesiale berede polisiediens ingestel as 'n gedeelte van die garnisoensdiens van die Hollander Korps, bestaande uit ongeveer 20 manskappe met 'n vierkleur om die arm as kenteken.
³⁶⁾

Hulle het dieselfde mag gehad as die gewone spesiale berede polisie wat as 'n veiligheidsmaatreel deur die owerheid van die "Zuid-Afrikaansche Republiek" ingestel is, maar hulle opdragte het hulle direk van
³⁷⁾ die kommandant van die garnisoensdiens ontvang. Ook het hulle direk rapporteer aan die garnisoenskommandant. Op 3 November 1899 is die rydende polisie direk onder
³⁸⁾ bevel van die Luitenant van Polisie van Pretoria gestel.

Geen lid van die polisie van die afdeling

34. H.K. no. 1. Inkomende Korrespondensie, 8 Maart 1900.

35. P.J. van Winter, "O.K.H.", deel II, bls. 341.

36. H.K. no. 2. B.K.B. 191 : 28 Okt. 1899.

Ibid, no. 1. Inkomende Korrespondensie, 12 Okt. 1899.

37. Ibid, no. 2. B.K.B. 101 : 18 Okt. 1899.

Ibid, no. 1. Inkomende Korrespondensie, 17 Okt. 1899.

38. Ibid, no. 2. B.K.B. 223 : 3 Nov. 1899.

"Rus en Orde" mog die polisie van die Hollander Korps
in die uitvoering van hulle pligte hinder nie. Die
polisie van die Hollander Korps het self onder krygs-
wet gestaan by die nie-nakoming van hulle pligte.
³⁹⁾
^{40}}

Die spesiale polisie moes hulle aanmeld by die
kantoor van die garnisoensdiens, alwaar hulle 'n diens-
order ontvang het en na hulle wagure moes hulle weer
daarheen terugkeer om rapport uit te bring. Aan-
vanklik het hulle slegs nagdiens gedoen van 6.n.m. tot
6.v.m. met vier manskappe om die drie uur deur 'n ander
vier afgelos. Maar vanaf 17 Oktober 1899 is 'n skof
van $2\frac{1}{2}$ uur ingestel en ook is die diens gedurende die
dag voortgesit, terwyl drie manskappe nou tegelyk diens-
gedoen het.
⁴¹⁾
⁴²⁾

Pretoria is op 5 Junie 1900 na 'n bombardement
aan die Engelse oorgegee. Toe die Engelse genader
het en reeds Elandsfontein in die hande gehad het,
het die kommandant van die garnisoensdiens aan al 'die
korporaals van die wagposte tot by Rietfontein opdrag
gegee dat hulle met hulle manskappe ~~tegen~~^{na} terug-
trek en Pretoria nie meer kon bereik nie, langs
die Oosterlyn van die spoorweg moes optrek om hulle by

-
39. Ibid, no. 2. B.K.B. 92 : 17 Okt. 1899 en 101 : 18 Okt.
1899.
40. Ibid, no. 2. B.K.B. 105 : 18 Okt. 1899.
41. Ibid, no. 2. B.K.B. 27 : 9 Okt. 1899
42. Ibid, no. 12. Raporte van die spesiale polisie.
43. P.J. van Winter: "O.K.H.", deel II, bls. 348.
Elandsfontein, die spoorwegknooppunt van Transvaal,
het op 29 Mei 1900 in besit van die Engelse troepe
gekom.

die kommissariaat by Bronkhorstspruit te voeg.⁴⁴⁾

Al die spoorlyne, magasyne en werkplekke van die spoorwegmaatskappy is onbeskadig deur die Engelse troepe geneem omdat geen opdrag vir die vernieling daarvan gegee is nie.⁴⁵⁾

-
44. H.K. no. 6. B.K.B. 369 : 30 Mei 1900.
 45. P.J. van Winter: "O.K.H.", deel II, bls. 349.
"Gedenkboek van den Oorlog in Z.A.", bls. 313.
Oor die paar dae voor die val van Pretoria is daar feitlik geen gegewens wat die garnisoensdiens betrek nie, waarskynlik omdat almal in verwarring terugtrek het.

BESLUIT.

In hierdie studie is gewag gemaak van die posisie van die Nederlanders in die "Zuid-Afrikaansche Republiek", en die stigting van 'n Hollander Korps met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog. Die Korps het bestaan uit 'n afdeling wat kommandodiens en 'n afdeling wat garnisoensdiens verrig het.

Die velddiens van die Hollander Korps het moedig te velde getrek, maar is uitmekaargeslaan, nog geen twee weke na die aanvang van die oorlog nie. Daarna was die regering van die "Zuid-Afrikaansche Republiek" nie te vind om toestemming te verleen tot die heroprigting van so'n korps nie, vernaamlik omdat die Hollanders nie die Boeremanier van veg geken het nie en dit was die enigste vegswyse wat in Suid-Afrika heilsaam kon wees vir 'n klein klompie burgers teen 'n geweldige oor mag. Die Hollanders het van toe af afsonderlik diens gedoen as lede van die Boerkommandos waar hulle leiding van ervare Boere krygsmanne gekry het en die burger in alles kon volg.

Die garnisoensdiens is gedoen deur manne wat nog in diens by onmisbare regeringsafdelings was en ander wat nie na die front kon gaan nie. Hulle het die vervelige en ook ondankbare taak gehad om dag in en uit langs die spoorweë te gaan en verskillende punte te bewaak. Dit was 'n taak wat tog vervul moes word, en deur die uitvoering daarvan het hulle baie burgers die geleentheid gegee om te velde te trek.

Die hele bestaan van die Hollander Korps het met die val van Pretoria ten einde gekom. Die oorlog het 'n nuwe tydperk ingegaan, maar deur die hele oorlog het die Hollander afsonderlik langs die hele front met sy geweer geveg.

Die Hollander Korps het dus nie getuig van heroïse oorwinnings of 'n absolute onmisbaarheid in die oorlogvoering van die Boere nie. Dit het wel getuig van opoffering en 'n gewilligheid van die Hollanders om die "Zuid-Afrikaansche Republiek" in al sy moeilikhede tot die laaste toe by te staan.

BYLAAG I.

Beweerde dronkenskap van die Hollanders by die Slag van Elandslaagte.

Wanneer die Slag van Elandslaagte genoem word hoor 'n mens dikwels die bewering dat die Hollanders **almal dronk was** deur die oorvloedige gebruik van drank, wat op die trein was wat op 20 Oktober deur veldkornette Pienaar en Potgieter by die stasie van Elandslaagte gevange geneem is. Daarby word dan gewoonlik gevoeg dat hulle **so dronk was** dat hulle slegs die hande van die gesneuveldes kon vou, en dat een van hulle aan die slaap was en toe hy na die geveg wakker geword het, rondom hom gekyk en gesê het: "'t Schijnt alsof ze hier gevochten hebben".

Dit is egter slegs bewerings, want nêrens in enige dokument of uitgegewe werk word daarvan vermeld nie. Daar is geen bewyse voor nie en slegs teenbewys. Die Hollanders het genoeg vyande gehad, selfs aan Boerekant en so'n feit sou gou aangegryp geword het om hulle te belaster. Ook van Engelse kant is daar in geeneen van die werke, waarin 'n beskrywing van die geveg gegee word, enigiets van die aard vermeld nie. Daarin word slegs gewag gemaak van die moed waarmee die Hollanders hulle teen 'n oorgrote meerderheid verdedig het.

Michael Davitt in "The Boer Fight for Freedom" op bladsy 127 maak wel melding van dronkenskap maar dit was nie die Hollanders nie: "The men of the patrols (d.i. die patrollies van veldkornette Pienaar en Potgieter)

were soon busy ransacking the train, which they found well stocked with brandy, wine and whisky, and what happened, in consequence, might have been the cause of the serious reverse which followed on the morrow. A large number of the patrols indulged in the dangerous booty, not wisely but too liberally, the result being that many became intoxicated."

Die dranktrein is nie deur lede van die Hollander Korps gevange geneem nie en hulle was ongeveer maar 'n agste gedeelte van al Generaal Kock se manskappe. Waarom was dit dan juis die Hollanders, en net die Hollanders wat dronk was by Elandslaagte? 'n Mens kan nie anders dink dan dat dit 'n kwaadwillige bewering was deur iemand gemaak, en wat toe versprei is nie.

Hierdie beskuldiging is weerlê deur dr. J.C. Kakebeeke in 'n artikel in "Die Huisgenoot" van 21 Mei 1938:

"Voordat ek 'n beskrywing gee van ons lotgevalle in die Vrystaat, wil ek net verduidelik waarom ek vir die Vrystaat wou gaan veg, terwyl ek tog in Transvaal gewoon en daar selfs 'n halfamptelike betrekking beklee het as rapporteur van die Hooggereghof. Daar was twee oorsake vir my besluit. Die eerste en vernaamste is die volgende: toe ek eindelik meer dood as lewendig op Dannhauser-stasie aangekom het, het genl. Joubert my ontbied en besonderhede gevra omtrent die slag. Ek het hom dit so goed as ek kon meegedeel, waarop sy enigste antwoord was: "Julle Hollanders was seker weer baie dronk gewees". Dit het my baie gegrief na al die deurgestane ontberings, en te meer nog daar die bewering so misplaas was.

Ek sou nie verder oor die opmerk ing van Genl. Joubert uitgewy het as ek nie tydens my onlangse besoek aan die Unie weer die bewering verneem het dat die ongelukkige afloop van die Slag van Elandslaagte te wyte was aan die feit dat die Hollanders hulle dronk gedrink het na die buitmaak van die Engelse dranktrein. Aan hierdie onjuiste bewering word dan nog meestal die grappie toegevoeg dat een van die Hollanders so baie dronk was dat hy niks van die slag gemerk het nie, en toe hy die volgende mōre wakker word en al die dooies en gewondes rondom hem sien, het hy uitgeroep: "Dit lyk of hier geveg is". Die bewering het my andermaal baie gegrief, eerstens om die misplaatsheid daarvan en tweedens omdat dit die eer van my dapper krygskamerade wat nou nog in lewe is, aantast en die nagedagtenis van voortreflike manne soos dr. Coster en Cars de Jonge en so baie ander wat gesneuwel is, belaster. Ter ere van hul nagedagtenis voel ek my verplig om met die grootste nadruk te verklaar dat daar nie een geval van dronkenskap onder die Hollanderkorps voorgekom het nie. Na my plegtige verklaring wil ek daarop wys dat die eerste ding wat Generaal Kock gedoen het toe die train buitgemaak is, was om bevel te gee dat alle drankvoorraad vernietig moes word. Ek het persoonlik ~~met~~ baie van my kommandomaats meegehelp aan die vernietiging en het gesien dat die bevel uitgevoer is.

Dog selfs al het alles op die 20ste Oktober nie so gebeur as wat ek me egedeel het nie; dan sou al die gevolge van die drank weggespoel gewees het deur die reëns

van die nag van 20 op 21 Oktober, toe ons sonder enige beskutting teen die voet van die koppies moes slaap. Wat die grappie oor die dronk Hollander se ontwaking betref, kan ek meedeel dat hierdie verhaal betrekking het op 'n voorval tydens 'n kafferoorlog - watter een dit is, kan ek nie presies sê nie. 'n Hollander wat hom aan drank te buite gegaan het, is deur die kommandant aan 'n wa vasgemaak, sodat hy sy roes kon uitslaap. Onderwyl hy in 'n beskonke toestand verkeer het, is daar in sy onmiddellike omgewing geveg, en toe hy wakker word en die lyke van die kaffers rondom hom sien, het hy uitgeroep: "Dit lyk of hier geveg is".

Ook C. Plokhooij in sy boekie "Met den Mauser" wat reeds in 1901 in Nederland gepubliseer is, sê "Maar nu rust op mij nog de plicht te vertellen, wat met de flesschen sterke drank gedaan werd. Toen Generaal Kock het gevaaarlike goedje zag, gaf hij order, om ze allen stuk te slaan en het "erger dan de cholera" over den grond te laten loopen. Liever rakelde ik ~~deze~~ historie niet meer op. Het was min, vooral tegenover de menschen, die hun leven op het slagveld van Elandslaagte hebben gelaten, te verkondigen, dat het grootste gedeelte van het Hollander Corps, gefinspireerd door het overmatig gebruik der genomen alcoholische dranken, daardoor zulk een dapperheid heeft getoond bij het gevecht. Niets is minder waar dan dat.

De flesschen zijn voor onze oogen door twee Hollanders vernield. Wat anderen, die vroeger bij het station waren, gedaan hebben, weten wij niet; maar

de Hollanders hebben zich loffelijk gedragen in deze zaak. Misschien hebben enkele vlugvingerigen wel een fleschje gesmokkeld; maar dan is er zoo gedronken, dat na den vreeslijk regenachtigen en ruwen nacht dien een gedeelte van het Hollander Corps doorbracht op wacht,
¹⁾ niet een meer de gevolgen ervan kon gevoelen".

BYLAAG II.

Buitengewone Staatscourant, 18 November 1899.

Gouvernement-Kennisgeving.

Ter algemeene informatie wordt hiermede gepubliceerd, onderstaande lijst van gesneuvelden, gekwetsten en zieken, opgemaakt door het informatie-Bureau van het Roode Kruis.

Gouvernementskantoor
Pretoria 17 Nov. 1899.

F.W. Reitz
Staatssekretaris.

Hollander Corps.

Met goedkeuring der H.Ed. Regeering is door Professor Molengraaf een onderzoek ingesteld naar de leden van het Hollander Corps, die aan den Slag van Elandslaagte hebben deelgenomen.

Het resultaat van dat onderzoek is het volgende:

Gesneuyeld op het Slagveld:

Dr. H.J. Coster, J. Moora, C.G. de Jonge, H. van Cittert, P. van den Broek, M. Schaink.

Deze personen zijn op het slagveld geïdentificeerd door Dr. Visser van de Ambulance van het Johannesburg Commando, uit naamkaartjes, brieven, etc., door hem in de zakken der gevallen gevonden, of uit namen op de kleedingstukken.

Te Ladysmith aan hun wonden overleden:

J. Rummeling: schedelwond, J.R. Lepeltak Kieft: schot in de rug en dysenterie.

Zwaar gewond te Ladysmith:

H. Dijksterhuis, linkerzij.

Gewond en herstellend te Pieter-Maritzburg:

H.J. Bijleveld, 2 lanssteken. J.G.G. Basslé, linkerbovenarm. S.P. Lindhorst, rechterborst. J.C. Gerritzen, scrotum. W.C. Recourt, rechterschoot. J.F. Mondriaan, schouder en linkerborst. A. Leeuwen, rechterschouder. H. Malga, oor.

Ziek te Ladysmith:

W. Leeuwen, koorts.

Ongedeerd door de Engelsechen gevangen genomen:

Kap. de Witt Hamer, F. van der Vlugt, J. Brown, H. Petersen, J. van der Waarden, J. de Wijn, P. Pijl, C. van der Horst, H.T. Siglé, A. van Bosse, H. Dijkman, C. Mansvelt, J. Mante (op de lijst door de regeering alhier ontvangen staat de naam J. Mente), B. Landa, J. Doelman, A. Hagen, D. Beunk, G. Hyink, W. Kroon, J. van Genne, H. de Graaf, M. Ribbens, W. Nijenes, R. Sansenthaler, L. Ruyssenaars (op de regeeringslijst staat Ruyssanders), J. van der Walt, A. Brown, C.W. Taylor, P. Prins, J. van Zuylen, K. Hultien, J. Valks.

Vermist:

J.H. Breyer (op de lijst der gevangenen komt de naam Dreyer voor).

S. Kaper (op de lijst der gevangenen komt de naam Raper voor)

Nieuhuis (een zekere J. Nieuwenhuis, die eerst gevangen was genomen, is ontvlucht en in ons hoofdlager terug; waarschijnlijk dezelfde persoon als Nieuhuis).

J. de Graaf.

W. Kool.

Gewond, herstellende of reeds hersteld te Pretoria teruggekeerd:

Dr. Kakebeeke, Minninga, D. Wicherlink, C. Willemse, Kuyper, P.W. Nijenes, A.J. Rutgers, C.J. Otto.

De overige leden van het Hollander Corps die aan den Slag van Elandsblaauw deelnamen zijn evenals hun Commandant Lombaard ongedeerd uit het gevecht gekomen. Hun namen zijn:-

H.A. Grosskamp, Engelberts, Hofs, J.J. van den Koppel,

D.B. Steuerwald, v.d. Loos, Steyling, C. Siglé, P. Jorissem, F. van Kruiselbergen, J. Schuurman, J.C. Klasing, van Marle, H.G. IJsenbrand, C. Dubbelman, J.J. Nijenes, Adelaar, Franken, Millerie, Schapers, L. Kerkhoff, K. Goldman, L. Kruseman, F. Goldman, J. Drop, C.J. Swierstra, C. Besaans, C. Hagen, A.J. Paul, van Dreumel, N. Hahn, Budding, F.H. Bottelier, J.K. Holtz, C. Plokhoij, H.H. Bonnema, C. van der Linden, P. van den Bergh, P.H. Jans, Reijnders, G.E. ter Haar, van der Ruit, J.G. Geurtse, Prins Wieland.

Sommige van hen zijn te Pretoria teruggekeerd, andere, die nog in het bezit van paarden waren, hebben zich bij verschillende commando's aangesloten.

Van de afdeeling velddienst van het Hollander Corps namen niet aan den strijd deel:

J. Olie, H. Ruygrov, F. Olie, Van Wijk, Olie jnr., de Wilde, H. Groenewald, Brouwer, K. van Rijssse, Volker, Wagner, Scheepens, W. Lagerweij, Keuzenkamp, B. Venemans, J. Hasie, J. de Bruyn, Relker, J.J. Kesting, J.J. Barlage, L. de Haas, de Jongh, van Hoepen, snr., Bos, van Hoepen jnr., Schultz, Wollendorp, G.J.J. van Bielen, Pfennig, Breukman, Duijkers, Molenaar, J. Wijnbergen, van der Goorberg, A. van der Meulen, Reskens, J.W. Theijssen, van Zijl, H. Siemerink, Lesturgeon, W. Wijsbek, J.L. de Rijke, Faassen, F. ten Burg, H. Hollenbach, J. Hollenbach, Juijn, Ormel, F.J. Huijsse.

GERAADPLEEGDE BRONNE.

A. Ongepubliseerde Bronne:

Staatsargief, Pretoria.

i Staatssekretaris (S.S.) :-

R. 11849/89
R. 1361/92
R. 5161/94
R. 16361/96
R. 244/97
R. 13356/99
R. 13361/99
R. 13465/99
R. 13521/99

ii Kommandant-Generaal (K.G.) :-

C.R. 7250/99
C.R. 7365/99
C.R. 7349/99
C.R. 7784/99
C.R. 7825/99

Opmerking: Ook is die leers van die Kommandant-Generaal geraadpleeg waarin die inkomende telegramme en inkomende briewe te vind is. Hierdie stukke is nog nie in die argief geklassifiseer nie en dus word gegee die nommer van die Kommandant-Generaal se leer (as dit aanwesig is) en die datum van die stuk.

iii Uitvoerende Raadsbesluite (U.R.B.) :-

U.R.B. art. 868 d.d. 28 September 1899.
U.R.B. art. 872 d.d. 30 September 1899.
U.R.B. art. 4 d.d. 3 Januarie 1900.

iv Die dokumente van die Hollander Korps (H.K.) se garnisoensdiens is apart gerankskik onder die volgende nommers:-

Hollander Korps, Argief-nommer 1 : Inkomende korrespondensie, September 1899-Mei 1900.

Argief-nommer 2 : Briewe-Kopie-Boek.
6 Oktober 1899-6 November 1900.
Waarvan gebruik: 12, 13, 27, 31, 34,

38, 42, 48, 49, 92, 101, 105, 113,
126, 160, 161, 173, 174, 191, 197,
211, 217, 219, 220, 221, 223, 234,
247.

Argief-nommer 3 : Briewe-Kopie-Boek.
7 November 1899-8 Mei 1900.
Waarvan gebruik : 5, 16, 20, 41, 50,
51, 54, 66, 99, 104, 107, 236, 248,
263, 352, 360, 437.

Argief-nommer 4 : Briewe-Kopie-Boek.
27 November 1899- 29 Meil900.
Waarvan gebruik : 2, 16, 23, 56, 59,
63, 67, 78, 89, 110, 124, 126, 128,
132, 168, 186.

Argief-nommer 5. Briewe-Kopie-Boek.
7 Oktober 1899-30 Januarie 1900.
Waarvan gebruik : 1, 15, 24, 31, 53,
55, 58, 69, 91, 184, 192, 204, 212,
244.

Argief-nommer 6. Briewe-Kopie-Boek.
31 Januarie 1900 - 2 Junie 1900.
Waarvan gebruik : 1, 7, 13, 42, 102,
109, 150, 153, 158, 163, 164, 175,
306, 311, 369, 371.

Argief-nommer 7. Manskappe:
(a) Lyste gekommandeerdes.
(b) Lyste vrywilligers.

Argief-nommer 8. Registers.

Argief-nommer 9. Manskappe-indeks.

Argief-nommer 11. Rapporté van
hoër offisiere; Rapporté van
Seksies I-VI.

Argief-nommer 12. Rapporté van die
spesiale polisie.

Argief-nommer 13. Militêre opname
van terrein.

B. Dokumente in die besit van Mn. A.K. Bot, Pretoria:

- i Afskrif van die aansoek van C.G. de Jonge as Sekretaris van Onderwys.
- ii Aanstelling van C.G. de Jonge as Inspekteur van skole, 21 Januarie 1890.
- iii Sertifikaat van verdienste van C.G. de Jonge, 14 Junie 1890.

- iv Aanstelling van C.G. de Jonge as Sekretaris van Onderwys, 29 Maart 1897.
- v Aanstelling van C.G. de Jonge as waarnemende Sekretaris van Onderwys, Januarie 1897.
- vi Doopsertifikaat van C.G. de Jonge, 22 Oktober 1865. Uitgereik te Bahia, Brazilië.

C. Uitgegewe Bronne:

Botha, P.R.: "Die Staatkundige Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Krüger en Leyds". Amsterdam, 1926.

Colenbrander, H.T.: "Koloniale Geschiedenis". Den Haag, 1926, deel III.

Davitt, Michael: "The Boer Fight for Freedom". New York en Londen, 1902.

Engelbrecht, S.P.: "Thomas François Burgers". Pretoria, 1933.

Everdingen, W. van: "De Oorlog in Zuid-Afrika. Een beschrijving met inleidend woord van Dr. H.J. Kiewitt de Jonge". Deel I en II, 2dedruk. Delft, 1911.

Plokhooij, C.: "Met den Mauser. Persoonlijke Ervaringen in den Zuid-Afrikaanschen Oorlog". 2de druk, Gorinchem, 1902.

Preller, G.S. en Engelenburg, F. van: "Onze Krijgsoffisieren: Album van Transvaalse Generals en Kommandanten". Pretoria, 1904.

Viljoen, B.J.: "Mijne Herinneringen aan den Anglo-Boeren Oorlog". Amsterdam, 1902.

Vissering, G.: "Een Hollander in Zuid-Afrika, uitgave ten bate van het Herman-Coster-Fonds". Amsterdam, 1900.

Winter, P.J. van: "Onder Krugers Hollanders. Geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij", Deel I en II, Amsterdam, 1938.

Wypkema, A.: "De Invloed van Nederland op Ontstaan en Ontwikkeling van die Staatsinstellingen der Z.A. Republiek tot 1881". Pretoria, 1939.

"Gedenkboek van den Oorlog in Zuid-Afrika", Amsterdam 1904.

"History of the War in South Africa 1899-1902. Com-

piled by the Direction of His Majesty's Government by Major General Sir Frederick Maurice K.C.B. with a staff of officers". Deel I. Londen, 1906.

"The Times History" of the War in South Africa". Deel II. Londen, 1900-1909.

D. Koerante en Tydskrifte:

"De Volksstem", Pretoria : September 1899-Mei 1900.

"Die Huisgenoot", Kaapstad. Deel XXI. no. 791. 21 Mei, 1937. Dr. J.C. Kakebeeke :"Die Slag van Elandslaagte. Belastering van Hollander Korps weerlê".

"Nederlandsche Historiebladen, 1ste jaargang 1938. P.J. van Winter:"De Nederlanders in de Zuid-Afrikaansche Republiek".

"Buitengewone Staatscourant", 18 November 1899.
